



UNIVERSITEIT  
iYUNIVESITHI  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY

100  
1918 · 2018

**REKTOR SE BESTUURSVERSLAG  
AAN DIE RAAD**

Maandag 21 September 2020

Prof WJS de Villiers,  
Rektor en Visekanselier

## Inhoudsopgawe

INLEIDING.....	4
TEMA 1: 'n FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH.....	7
1.1    Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) .....	7
1.2    COVID-19-verwante kommunikasie.....	10
1.3    Kampusgesondheid in die tyd van COVID-19.....	11
1.4    Biblioteek heropen.....	11
1.5    Kampusvernuwing.....	11
1.6    Kampussekuriteit .....	13
1.7    Naamsverandering van die Wilcocksgebou .....	13
1.8    US-handelsmerkprojek.....	14
1.9    Hergroepering van Rektoraatstruktuur .....	14
1.10   US-gedragskode .....	16
1.11   Fondswerwing.....	16
1.12   Strategiese Fonds.....	17
1.13   US-ontwikkelingsprojekte en -afwentelmaatskappye .....	18
1.14   Stelselvernuwing.....	18
1.15   Studentetredhoustelsel .....	20
1.16   Voldoening aan wetgewing oor toegang tot inligting en privaatheid .....	20
1.17   Geïntegreerde jaarverslag.....	20
1.18   US in die nuus (23 Mei tot 26 Augustus 2020).....	20
1.19   ‘Matieland’-tydskrif.....	21
TEMA 2 : 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING.....	21
2.1    Koshuisstudente keer in fases terug .....	22
2.2    Inskrywings vir 2020.....	22
2.3    Studentewerwing .....	24
2.4    Nuwelingeerstejaars (NE’s) vir 2021 .....	24
2.5    Beurse en lenings .....	25
2.6    Gesamentlike werkgroepe teen geslagsgebaseerde geweld.....	27
2.7    Beweerde voorval van geslagsgebaseerde geweld op Tygerbergkampus .....	27
2.8    Studenteberading .....	28
2.9    Ko-kurrikulêre erkenning .....	28
2.10   Virtuele loopbaanskoue .....	28
2.11   Die US in nasionale studentepeiling .....	28
2.12   SR vir 2020/21 verkies.....	29
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE .....	29
3.1    Internasionale vennootskapsontwikkeling .....	29
3.2    Afrikadag .....	30
3.3    Mandeladag .....	30
3.4    Aanlyn ACU-US-konferensie oor “Kuns in vrede en versoening” .....	30
3.5    US Woordfees, WOW en US Koor.....	30
3.6    Transformerende aanlyn gesprekke .....	31
3.7    Alumni- en skenkerskakeling gedurende die inperking.....	31
3.8    Rektor-Burgemeester-forum .....	32
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER.....	33
4.1    Steun vir e-leer gedurende COVID-19.....	33
4.2    Ontwikkelings op die gebied van hibriediese leer .....	37
4.3    Internasionale studentemobiliteit gedurende COVID-19 .....	37
4.4    Opleiding vir studentevrywilligers gaan voort in kuberruim .....	38
4.5    Kursusleeslystelsel.....	38
4.6    Afrigterswebinaarreks.....	38

TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK .....	38
5.1    Navorsing in die tyd van COVID-19 .....	39
5.2    Impak van COVID-19 op US se nadoktorale genote.....	39
5.3    Jongste navorsingsjaarverslag nou te kry .....	40
5.4    Navorsingstoelaes .....	40
5.5    US-navorsers blink uit .....	42
5.6    US onder bestes ter wêreld wat navorsingsuitnemendheid en innovasie betref .....	42
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER.....	43
6.1    Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit .....	43
6.2    Eksterne evaluering van Menslike Hulpbronne .....	43
6.3    Personeelopname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk 2019/20 .....	43
6.4    Eerste aanlyn personeelbyeenkoms vir die US.....	43
6.5    #WomenofSU-veldtog.....	44
6.6    Dagsorgfasiliteite .....	44
SLOT .....	44
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE .....	45
Meningsartikels (15 Mei tot 26 Aug 2020).....	45
Rubrieke (15 Mei tot 26 Aug 2020) .....	56
MEDEWERKERS.....	59

## INLEIDING

Welkom by die **derde Raadsvergadering** van 2020, wat – nes die vorige twee – weer aanlyn gehou word weens die beperkings op byeenkomste om die verspreiding van COVID-19 te stuit.

Ons is nou in die **laaste kwartaal** van 'n jaar wat enorme eise aan die Universiteitsleierskap (sowel akademië as steunpersoneel) gestel het om nie net die skip vlot te hou in stormagtige waters nie, maar om ondanks die onstuimigheid van die akademiese jaar 2020 doelgerig op koers te bly. Dit herinner my aan die woorde van die Britse wiskundige en filosoof Alfred North Whitehead: “Die kuns van vooruitgang is om orde te handhaaf te midde van verandering, en om verandering te handhaaf te midde van orde.”

Ek is trots en dankbaar om te kan verslag doen dat Span Universiteit Stellenbosch (US) hom uitstekend van sy taak gekwyt het om die storm te deurstaan. Nóg belangriker is dat ons stryk gehou het in ons strewe na die prioriteite en doelwitte in ons *Strategiese Raamwerk 2019–2024*.

Dit was veral duidelik by ons onlangse Uitvoerende Beplanningsforum (UBF) op 13 en 14 Augustus. ('n Hibriediese vergadermodel is geskep om vir sowel persoonlike as aanlyn deelnemers voorsiening te maak.) Ons het 18 **bedryfsprioriteite** vir die komende jaar oorweeg wat uit ons verskillende omgewingsplanne afgelei is, en het veral die volgende uitgelig:

1. Institusionele volhoubaarheid en kontinuïteit
2. Institusionele transformasie
3. Nagraadse uitsette
4. Hibriediese leer
5. Personeelwelwees
6. Programvernuwing

Die volgende prioriteitskluster is baie na aan mekaar gegropeer, en sluit die onderstaande in:

7. Institusionele groei en vooruitgang (belyning van prosesse, prosedures, ensovoorts)
8. Vennootskappe en netwerke
9. Personeelbeplanning
10. Topgehaltewerwing

In die lig van die uitdagings en werklikhede van COVID-19 het ons sedert Maart op twee kernprioriteite gekonsentreer om ons deur die storm te kry: die voltooiing van die huidige akademiese jaar, en die versekering van ons finansiële volhoubaarheid. Ons klem op hierdie twee prioriteite het ons goed te staan gekom om die instelling doeltreffend deur die onseker inperkingstyd te bestuur. Die UBF het ook bevestig dat institusionele volhoubaarheid en kontinuïteit die hoofdryfvere sal wees om die US die nuwe akademiese jaar in te neem.

Ons het boonop ons seile na ons ander belangrike prioriteite gedraai om ook ná COVID-19 'n florerende US te verseker. Hierdie prioriteite sal bepaal hoe ons die US se menslike en finansiële hulpbronne aanwend, toepas en belê om die nuwe geleenthede van sinchrone en asinchrone onderrig en leer (kontak op kampus, hibriedies én gemeng) so goed moontlik te benut. Dit sal ook as grondslag dien vir 'n hersiening van ons samewerkings en vennootskappe om ons navorsingsagenda optimaal te ondersteun.

As ons op die afgelope paar maande terugkyk, het ons betreklik ongedeerd afgekom van die hindernisse en uitdagings van die koronavirusgeteisterde eerste semester. Ons sukses kan myns insiens aan vier faktore toegeskryf word:

**Aanpassing:** Die US het flink aangepas by noodafstandsl eer, -onderrig en -assessering, en sy onderrigbenaderings verander. Ons het nuwe prosesse en stelsels ingestel om ons daaglikse bedrywig hede van buite die kampus voort te sit.

**Innovasie:** Toe die koronavirus kontakonderrig onmoontlik maak, moes ons blitsvinnig innoveer. En so het ons vorendag gekom met nuwe metodes om kennis en kursusin houd uit te ruil, nuwe maniere om studente te assesseer en te eksamineer, nuwe vorme van skakeling, en nuwe benaderings tot ons daaglikse pligte. Interessantheidshalwe het skakeling, kommunikasie en interaksie met ons belanghebbende groepe op hierdie innoverende maniere soortgelyke resultate as dié voor COVID-19 opgelewer.

**Samewerking:** COVID-19 het die belang van samewerking – uit sowel ’n interne as eksterne oogpunt – onderstreep. Die samewerking tussen die verskillende werkstrome van ons Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) is ’n goeie voorbeeld. Ander voorbeelde sluit in samewerking tussen die verskillende segmente van die Universiteitsgemeenskap (waaronder die meer as 40 COVID-19- verwante navorsingsprojekte), met die Stellenbosse gemeenskap, sowel as oor geografiese grense heen (soos deur ARUA se sentrums van uitnemendheid, die ACU-vredeskonferensie, die Wêreld- Ekonomiese Forum, die Globale Universiteitsleierskapsforum, ensovoorts).

**Span US se skrik-vir-niks-gees:** COVID-19 en die nasionale ramptoestand het groot eise aan ons personeellede in alle omgewings van die Universiteit gestel. Ondanks die abnormale omstandighede waarin hulle hulle pligte moes nakom, het hulle dit uitstekend reggekry. Natuurlik het die buitengewone omstandighede en onsekerheid ook ’n impak op die welwees van ons personeel, en daarom bly personeelwelstand boaan ons instelling se lys kernprioriteite.

Nou is ons in die pylvak van die akademiese jaar 2020. Soos sake tans staan ingevolge **vlak 2** van die regering se risiko-aangepaste strategie om die virus te bestry, bevind ons onself tussen die spreekwoordelike twee vure: Enersyds is ons stadigaan besig om uit die greep van die COVID-19- pandemie los te kom, met duidelik omskrewe kategorieë studente wat na die kampus mag terugkeer. Andersyds is die pandemie nog glad nie verby nie, wat selfs groter waaksaamheid en omsigtigheid in die verdere heropening van ons instelling vereis.

Ons dekane, fakulteitsbestuurders en onderrigpersoneel het groot moeite gedoen om voormelde kategorieë studente te identifiseer, te prioritiseer en ’n pragmatiese plan vir hulle terugkeer kampus toe voor te lê, sowel as vir die terugkeer van die personeellede wat hierdie kohort van onderrig en mentorskap moet voorsien.

Bowenal het ons alles moontlik gedoen om ons **kampusfasiliteite** (waaronder koshuise) vir die **studente se gefaseerde terugkeer gereed te kry**. Ons moes sorg dat ons studente en personeel terugkeer na ’n instelling wat veilig is en alle vereiste maatreëls en protokolle volg. Diegene wat teruggenooi is (personeel en studente), moet hulleself daaglik vir simptome ondersoek voordat hulle hulle woonplekke soggens verlaat. Higher Health het ’n mobiele toepassing – [HealthCheck](#) – ontwikkel wat as ’n instrument vir daaglikse gesondheidsifting en -monitering gebruik kan word.

Ons moes ons fasiliteite behoorlik laat skoonmaak en ontsmet. Alle omgewings moes ’n COVID-19- voldoeningsbeampte uit bestuursgeledere aanstel om individuele werkplekplanne in samewerking met die betrokke lynbestuurders op te stel. Hierdie planne moet voldoening aan alle voorgeskrewe **veiligheid- en voorkomingsmaatreëls** verseker, en moet gereeld hersien en bygewerk word na gelang van die dinamika en behoeftes van die omgewing.

Noudat die regering aangedui het dat hoëronderriginstellings ingevolge vlak 2 die volgende 33% van studente kan teruggenooi kampus toe, moet ek ’n **waarskuwing** rig. Ons moet in gedagte hou dat die eerste 33% se terugkeer ingevolge vlak 3 binne die voorgeskrewe gesondheidsprotokolle en - riglyne hanteer kon word weens beperkte getalle en betreklik klein groepe vir praktiese sessies. Dít is nié die geval wanneer 66% van die studentegemeenskap weer op kampus toegelaat word nie. Die

perk van 50 persone kanselleer in die meeste gevalle die toestemming vir die terugkeer van 66% van studente, om die volgende redes:

- In groot klasgroepe soos eerstejaars, wat ingevolge vlak 2 geprioritiseer word, impliseer die terugkeer van 66% van studente etlike herhalings van lesings vir studente in dieselfde module. Dít sal beduidende welstandsimplikasies inhou vir akademië, wat reeds oorlaai is met die akademiese uitdagings wat COVID-19 meegebring het.
- Wat lesingsale betref, impliseer fisiese distansiëring van ten minste 1,5 m dat daar in elke ry twee oop sitplekke tussen studente moet wees, en dat net elke tweede ry gebruik kan word. Slegs 'n sesde van lesingsale word dus op 'n slag benut. Indien ons vir slegs 50 studente op 'n slag wil klas aanbied, het ons daarom lokale met ten minste 300 sitplekke nodig. Sale en auditoriums van hierdie omvang is nie juis volop nie, en die rooster bevat nie genoeg tydgleuwe om al die modules op dié manier aan te bied nie.

Totdat die COVID-19-infeksiegevaar dus dermate afgeneem het dat die perk van 50 persone opgehef kan word, kan slegs daardie modules met min ingeskrewe studente kontakklasse bywoon.

Waarop dít neerkom, is dat die US sy akademiese aanbod vir alle studente via **noodafstandsonderrig**, -leer en -assessering sal **voortsit**, selfs al keer 'n gedeelte van ons studente en personeellede terug kampus toe. Natuurlik is ons gretig om so gou moontlik na kontakonderrig terug te keer, maar daar is geen sin of wysheid daarin om oorhaastig te wees, net om weer met hoër infeksiesyfers te sit wat ons in nóg 'n inperking sal laat beland nie.

Op 'n positiewe noot is dit vir my aangenaam om te noem dat ons die **halfjaareksamens** sonder groot haakplekke voltooi het (**sien 4.1**). Ter wille van regverdigheid, en om die negatiewe impak van tegniese probleme op studente-assessering teen te werk, is spesiale reëlings ook getref om in Januarie 2021 bykomende assesseringsgeleenthede te voorsien.

Die gedagte is om studente die voordeel te bied om toegang tot die leermateriaal en aanlyn lesings van semester 1 te bekom wanneer omstandighede dit toelaat, sodat hulle die betrokke modules kan bemeester voordat die akademiese jaar 2021 begin. Hou ook in gedagte dat studente nie in 2021 hertoelating geweier sal word op grond van hulle akademiese prestasie in 2020 nie.

Uit 'n **sektorale oogpunt** moet ons ook nie die groter positiewe faktore wat uit die COVID-19-pandemie voortgespruit het uit die oog verloor nie:

- Wetenskaplike vennootskappe en samewerking het uitgebrei, nie net oor streeks- en dissiplinêre grense nie, maar ook tussen akademiese/navorsingsinstellings en handel en nywerheid. Hierdie ontwikkeling hou groot potensiaal in vir nuwe bronne van navorsingsfinansiering, beurse, en geleenthede vir kennisuitruiling en internskappe.
- Nuwe uitvindings in leer, onderrig en assessering het na vore gekom. Dit verryk die terrein van aanlyn/digitale leer sowel as die konsepte van hibriediese, buigsame en gemengde leer en hulle gepaardgaande pedagogieë. Wat die US self betref, behoort ons gereed te maak vir 'n toekomstige geoptimaliseerde hibriediese leeraanbod.

Soos gewoonlik kry lede van die Rektoraat weer geleentheid om 'n omvattende jaarverslag aan die Raad voor te lê. Dié keer ontvang ons verslae van **prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering**, sowel as **prof Stan du Plessis, die US se Bedryfshoof**. My verslag lig daarom slegs 'n paar ontwikkelings in hulle verantwoordelike sentrums uit. Raadpleeg gerus hulle verslae vir vollediger inligting.

Hierdie verslag handel oor die tydperk **23 Mei tot 6 Augustus 2020**, tensy anders vermeld. Ek en my medebestuurslede verwelkom hierdie geleentheid om met ons Raadskollegas in gesprek te tree.

## TEMA 1: 'n FLORENDENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: “Om die US 'n **florerende organisasie** te maak, beoog ons 'n **lewenskragtige, voorspoedige en sistemies volhoubare** universiteit (met ‘florerend’ wat omskryf word as ‘om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy’). Die US erken die groot uitdagings verbode daaraan om 'n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak”.

### 1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)

Die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) onder leiding van Bedryfshoof **prof Stan du Plessis** hou toesig oor en sintetiseer bydraes van sy substrukture, wat uit sewe werkstrome en 'n Mediese Advieskomitee bestaan. Oorsigtelike verslae oor hulle werksaamhede in die verslagtydperk (**23 Mei–6 Aug 2020**) volg hieronder.

#### Werkstroom 1: Studentedienste

**Voorsitter: Dr Ronel Retief**

#### Studente se terugkeer kampus toe

Die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie het hoëronderwysinstellings op 8 Junie toestemming gegee om ingevolge vlak 3 van die nasionale ramptoestand tot en met 33% van hulle studente weer op kampus toe te laat.

Ons het in die laaste week van Junie 'n eerste kohort studente genooi om vir akademiese kontakaktiwiteite terug te keer. Op grond van 'n prioriteitslys van ons fakulteite is hierdie uitnodiging hoofsaaklik gerig aan:

- studente wat verpligte akademiese werk op kampus moet doen om in 2020 te kan gradueer;
- studente wat praktiese werk in kampuslaboratoriums, of voorgeskrewe kliniese werk, moet verrig, sowel as diegene wat toegang nodig het tot gespesialiseerde sagteware of navorsingsmateriaal wat slegs op kampus beskikbaar is;
- studente wat aan beroepsriggame se vereistes vir kampuswerk moet voldoen; en
- nagraadse studente wat toegang tot laboratoriums of tegniese toerusting vereis.

Studente in Universiteitshuisvesting is in kennis gestel dat hulle sewe dae voor die aanvang van hulle akademiese kontakaktiwiteite moes aanmeld om eers 'n verpligte kwarantantydperk te voltooi. (**Sien 2.1** vir meer oor die gefaseerde terugkeer van koshuisstudente.) Alle studente is versoek om 'n aanlyn vorm in te vul om te bevestig dat hulle die terugkeeraanbod aanvaar. Hulle moes ook 'n gedragskode onderteken, en is herinner dat die kampuslewe waaraan hulle gewoon was – met baie sosiale skakeling – vir eers nie dieselfde sal wees nie.

'n Reispermit is daarná per e-pos aan elke kwalifiserende student gestuur. Fakulteite is versoek om enige bykomende fakulteitspesifieke inligting direk aan hulle studente oor te dra.

#### Scenariobeplanning

Die [vorige bestuursverslag](#) het besonderhede bevat oor die drie werkgroepe wat byeengeroep is om risikoskenario's met betrekking tot nuweling in 2021 te oorweeg. 'n Verdere twee scenario's is gedurende die afgelope verslagtydperk bygevoeg, naamlik:

- die impak van die inperking op vanjaar se graad 11-leerders, en die moontlike implikasies vir die eerstejaarsinnome van 2022 (na aanleiding van 'n DHOO-navraag wat aan hoëronderwysregistrateurs gestuur is); en

- die moontlikheid dat die verbod op groot byeenkomste dalk nog nie teen die einde van 2020 opgehef sal wees nie, en die impak daarvan op ons Desember-gradeplegtighede.

### **Aansoekendense**

Nadat voorgraadse studieaansoeke in Maart vanjaar geopen het, het hierdie werkstroom die aansoekendense vir die eerstejaarsinname van 2021 fyn dopgehou om te bepaal of die pandemie 'n negatiewe uitwerking op ons syfers sal hê. Ons was verlig om te sien dat die syfers inderwaarheid toegeneem het sedert verlede jaar, soos uit die verslag van die Toelatingskantoor blyk (**sien 2.4**).

### **Werkstroom 2: Leer en onderrig**

**Voorsitter: Prof Arnold Schoonwinkel**

#### **Kwessies wat hanteer is:**

- Die voorsiening van opleiding aan dosente deur middel van webinare om hulle vir die tweede semester voor te berei. Meer as 400 dosente het aan die mees onlangse webinaarreks deelgeneem – talle aan meer as een sessie (**sien ook 4.1**).
- Die toerusting van steunpersoneel en tutors vir aanlyn leer
- Die skep van studentehulpbronne oor aanlyn leer, onder meer antwoorde op gewilde vrae
- 'n Haalbaarheidsondersoek na die moontlike verkryging van toesigsagteware om dalk in uitgesoekte toetse in die tweede semester op die proef te stel
- Die reël van 'n eenmalige geleentheid vir personeel om na hulle kantore terug te keer om boeke, materiaal en toerusting te kry wat hulle nodig het om van die huis af te bly werk
- Reëlings om koshuisstudente se studiemateriaal te laat afhaal en met 'n koerierdiens by hulle te laat aflewer. Sowat 100 studente het van hierdie aanbod gebruik gemaak.
- Die verspreiding van 1 728 skootrekenaars wat die Universiteit aan studente leen. Hierdie aanbod is nou afgesluit.
- Die beskikbaarstelling van gratis selfoondata aan studente vir Mei tot September
- Die prioritering van finalejaarstudente vir tradisionele eksamens onder toesig in November en Desember 2020 om steeds aan regulasies oor fisiese distansiëring te voldoen
- Die identifisering van [modules wat vir die res van 2020 ten volle aanlyn sal wees](#), wat beteken dat hierdie studente nie weer dié jaar hoef terug te keer kampus toe nie
- Die suksesvolle voltooiing van die A2- en A3-eksamens in Junie en Julie. In die lig van die groot getal eksamens wat aanlyn afgelê is, het SUNLearn betreklik min probleme opgelewer. As 'n vangnet, het elke fakulteit nietemin vanaf A3 'n nood-e-posadres tot stand gebring waarheen studente hulle assesseringsuitsette kan stuur indien SUNLearn nie werk nie.
- Die bepaling van studentekategorieë wat in Januarie 2021 toegang tot A4-eksamens sal kry, en institusionele riglyne vir studentesteun om vir hierdie eksamens voor te berei

### **Werkstroom 3: Personeel**

**Voorsitter: Prof Nico Koopman**

Wat **personeelprestasie** betref, was die vernaamste uitsette van hierdie werkstroom 'n stel riglyne vir prestasiebestuur, sowel as 'n hersiene dissiplinêre kode, met inbegrip van 'n appèlprosedure.

Op die gebied van **personeelvoordele** is die nodige bystand verleen aan diegene wat nie hulle pensioenreëlings elektronies kon aanpas nie. Verlofreëlings het ook aandag gekry.

Met betrekking tot **steun aan personeellede en omgewings** was belangrike uitsette 'n stel vergaderriglyne terwyl personeel van die huis af werk, en 'n toegewyde [webblad met gesondheids- en-welweeshulpbronne en -dienste](#).

Kampusgesondheidsdiens het hierdie aanbiedinge help koördineer en implementeer.

**Kernuitsette** in verband met personeellogistiek:



- Riglyne vir die terugkeer van personeellede
- Binnelandse sakereise
- Protokolle en prosedures om terug te keer werk toe (in samewerking met Werkstroom 5)

#### Werkstroom 4: Kommunikasie, sosiale impak en eksterne betrekkinge

##### **Voorsitter: Prof Hester Klopper**

Hoofsaak vir hierdie werkstroom was om **kommunikasie** oor die COVID-19-pandemie met verskillende belanghebbendes te bestuur. 'n Roosterdokument is geskep om die skedulering van e-pos aan personeellede en studente te koördineer sodat hulle nie met inligting oorlaai word nie.

'n Protokol vir die gebruik van die US se kommunikasiekanale en 'n kommunikasieprotokol vir die IKBV is opgestel, sowel as 'n protokol vir die bekendmaking van personeel-/studentesterftes, plus 'n sterftekenningsgewing. Laasgenoemde twee berus op die ontvallingsprotokol vir personeellede en die riglyne vir gedenkdiens- en begrafnissteun vir US-studente van 2020.

'n Dokument met besonderhede oor die US se studentesteun is wyd onder belanghebbendes versprei. 'n Soortgelyke dokument oor die US se steun vir sosiale-impakaktiwiteite is ook opgestel.

'n Verklaring oor internasionale reise, in die besonder vir personeellede wat internasionale konferensies wil bywoon, is opgestel en deur die IKBV goedgekeur.

#### Werkstroom 5: Kampusbedrywighede

##### **Voorsitter: Me Nicolette van den Eijkel**

Hierdie werkstroom het 'n kernrol vervul om ons kampusse vir **studente en personeel se terugkeer** gereed te kry. Die werkstroomvoorsitter is ook as die US se amptelike COVID-19-voldoeningsbestuurder aangewys.

Omgewings het 'n [elektroniese gids](#) ontvang om hulle met die skryf van uitvoerige terugwerktoeplanne te help. Hierdie dokument word voortdurend bygewerk namate regulasies en voorskrifte aangepas word. Daarbenewens het SUNKOM, Fasiliteitsbestuur en Studentegemeenskappe gereedheidsplanne vir koshuise opgestel.

Ons Kampusgesondheidsdiens het 'n omvattende terugwerktoe-proses help opstel wat aan die riglyne van die departemente van Gesondheid en Arbeid voldoen en die gesondheid en veiligheid van terugkerende personeellede en studente verseker.

'n Paar geboue op ons kampusse moes tydelik weens COVID-positiewe gevalle sluit om ontsmet te word. Ons protokolle vir hierdie voorvalle werk goed. Boonop was daar 'n aantal positiewe gevalle in koshuise op Tygerbergkampus, maar ons protokolle vir selfafsondering deur studente blyk ook doeltreffend te wees.

#### Werkstroom 6: Finansies en regsangeleenthede

##### **Voorsitter: Mnr Manie Lombard**

'n Belangrike aanbeveling deur hierdie werkstroom in die verslagtydperk was dat **navorsingsbegrotingstekorte** nie uit vrystellings/vermindering van die indirekte kosteverhalingskoers (IKVK) gefinansier word nie. In plaas daarvan, is daar aanbeveel dat dié tekorte uit die gebeurlikheidsreserwe gedek word ingevolge 'n goedgekeurde proses onder leiding van die afdelings Navorsingsontwikkeling en Finansies.

## Werkstroom 7: Navorsing

### **Voorsitter: Prof Eugene Cloete**

Die IKBV het toestemming verleen vir die heropening van die Sentrale Analitiese Fasiliteit (SAF) om dienste te lewer aan ons navorsingsgemeenskap sowel as aan studente wat projekte moet voltooi.

Die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) hou ons navorsingsgemeenskap op hoogte van navorsingsverwante prosesse en geleenthede deur middel van gereelde omsendskrywes. Daarbenewens is 'n oudit van navorsingspublikasieuitsette teen die einde van Junie afgehandel en by die DHOO ingedien.

Die risiko-opname oor navorsingskontrakte is voltooi en die gebeurlikheidsfonds sal navorsers ingevolge IKBV-riglyne met verlore inkomste bystaan.

Die IKBV het 'n versoek goedgekeur dat nadoktorale genote by personeellede ingereken word, en nie by die 33% van studente wat na die kampus mag terugkeer nie. 'n Opname onder nadoktorale genote het ook aangedui dat hulle moontlik om 'n verlenging sal moet aansoek doen omdat hulle waarskynlik nie hulle navorsingsprojekte binne die bestemde tyd sal kan voltooi nie.

Interne sperdatums is opnuut met die Nasionale Navorsingstigting (NNS) s'n gekoördineer, en ons navorsingsgemeenskap is dienooreenkomstig ingelig. ANO bly in kontak met die NNS om kwessies in verband met NNS-toekennings op te klaar en uit te stryk.

### **Etiekbeoordelingskomitees:**

- 'n Standpunt oor die hervatting van kliniese proewe is uitgereik, en is op die webtuiste van die Gesondheidsnavorsingsetiëkkomitee (GNEK) geplaas en aan navorsers gekommunikeer.
- Akademiese personeellede het positief gereageer op ons versoek om die US se etiekkomitees in hulle werk by te staan. Sestien nuwe vrywilligers sal voortaan in die etiekkomitee vir sosiale, gedrags- en onderwysnavorsing dien, en sewe in die GNEK.

## Mediese Advieskomitee

### **Voorsitter: Prof Eugene Cloete**

Om die verspreiding van koronavirussiekte te beperk, het die MAK aanbeveel dat studente wat terugkeer kampus toe vir sewe dae in kwarantyn behoort te gaan, dat personeellede wat van die huis af kan werk daarmee moet voortgaan, en dat personeel nog nie vir werk behoort te reis nie.

## 1.2 COVID-19-verwante kommunikasie

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking (**sien 1.9** vir inligting oor veranderinge aan hierdie afdeling se naam en samestelling) se werk is in die oorsigtydperk steeds oorheers deur verskeie vorme van kommunikasie oor die COVID-19-pandemie. Die doel is om die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) te ondersteun deur die kampusgemeenskap op hoogte te hou van die impak van die pandemie en die verskillende inperkingsvlakke op die Universiteit se funksionering. 'n Hele paar personeellede van Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking dien ook in die IKBV-werkstroom vir kommunikasie, sosiale impak en eksterne betrekkinge. Benewens kommunikasie namens die IKBV, het die Afdeling ook die werkstroom bygestaan om 'n aantal kommunikasieprotokolle en -riglyne te ontwikkel.

**Webblad:** Ons [COVID-19-webblad](#) word voortdurend bygewerk namate omstandighede en kommunikasiebehoefte verander. Die volgende syfers toon dat die webblad goed benut word:

- Die [Engelse weergawe](#) van die spesiale COVID-19-webblad het van 23 Mei tot 6 Augustus altesaam 37 541 besoekers ontvang. Dit het 22 768 gereelde gebruikers ingesluit.
- Die [Afrikaanse weergawe](#) het oor dieselfde tydperk 3 344 besoekers ontvang, van wie 1 953 gereelde gebruikers was.

In die verslagtydperk is **meer as 50 COVID-19-massaboodskappe** uitgestuur – hoofsaaklik aan studente en personeellede, maar ook ander belanghebbendes soos ouers. Skakels na die boodskappe is op die COVID-19-blad aangebring, sowel as op die US-webtuiste.

**Video's** is steeds 'n belangrike kommunikasie-middel, wat ons op ál ons sosialemediakanale gebruik. 'n Voorbeeld uit die verslagtydperk is die [video met inligting vir alumni](#) oor hoe die US op COVID-19 reageer, en hoe oudstudente hul alma mater kan ondersteun.

Ons gebruik ook ons nuwe **podsendingskanaal**, [talks@stellenboschuniversity](mailto:talks@stellenboschuniversity), vir COVID-19 kommunikasie. Dr Morné Mostert se wenke vir besluitnemers om strategies oor die toekoms ná die pandemie te dink, het tot dusver die hoogste luistertal gehad ([klik hier om te luister](#)). Die kanaal, wat op 20 Mei bekend gestel is, brei fluks uit, en 40 episodes is al aan luisteraars uit 39 lande benewens Suid-Afrika beskikbaar gestel. Die podsendings is nou op alle groot kanale te kry, wat insluit [Anchor](#), [Spotify](#), [Breaker](#), [Radio Public](#), [Pocket Casts](#), [Google Podcasts](#) en [Apple Podcasts](#).

[Klik hier](#) vir my podsending, waarin ek terugkyk op my eerste termyn, en ook vorentoe na wat die toekoms dalk vir die US inhou. Vir prof Nico Koopman se podsending oor hoe sy verantwoordelikhedsentrum transformasie en diversiteit sowel binne as buite die US help bevorder, [klik hier](#). En vir Prof Stan du Plessis se podsending oor bedryfsvoortsetting tydens die koronaviruskrisis, [klik hier](#).

### 1.3 Kampusgesondheid in die tyd van COVID-19

Ons Kampusgesondheidsdiens (KGD) was in die verslagtydperk betrokke by beplanning vir studente en personeellede se gefaseerde terugkeer om die instelling die akademiese jaar te help voltooi.

Om die veiligheid van mediese personeel in die voorste linie te verseker, was kernspanne op 'n rotasiegrondslag by KGD-klinieke aan diens. Hul dienste is hoofsaaklik deur personeellede benut vir nasorgbesoeke en voorskrifte vir nieoordraagbare siektes soos hipertensie, diabetes en asma.

**KGD se COVID-19- kliniese diens** is beperk tot sifting (meestal telefonies) en verwysing vir toetsing by amptelike toetsterreine. Die voltydse telefoondiens is ook 'n geleentheid om personeellede en studente buite kampus oor moontlike mediese sorg of hospitalisasie te adviseer.

Ons dokters, kliniese verpleegpraktisyns en fisioterapeute het telegesondheidskonsultasies in pas met die riglyne van die Suid-Afrikaanse Gesondheidsberoepsraad onderneem. Sedert studente en personeellede se gefaseerde terugkeer help KGD se personeel ook **positiewe gevalle** bestuur.

Ook **Stellenbosch Munisipaliteit** is bygestaan met 'n voltydse COVID-19- telefoniese siftingsdiens en advies aan werknemers en lynbestuurders wat noodsaaklike dienste lewer. Inligtingsmateriaal is voorsien, sowel as omvattende advies oor hoe om personeellede in die korrekte gebruik van persoonlike beskermingstoerusting op te lei.

KGD-dokters gaan voort om in te skakel vir webinarre en uitsendings oor kliniese sake, bygewerkte protokolle en beste praktyk om die verskillende fases van die COVID-19-pandemie te bestuur.

### 1.4 Biblioteek heropen

Die US se biblioteekdienste en -hulpbronne was gedurende die maande van inperking aanlyn beskikbaar. Nietemin was toegang tot die Biblioteek se fisiese hulpbronne, dienste en ruimtes steeds 'n belangrike behoefte. Die **US Biblioteek in Stellenbosch en drie takbiblioteke** is dus vanaf die tweede helfte van Julie weer oop vir kliënte, hoewel volgens afspraak. Bykomende dienste sal geleidelik beskikbaar gestel word terwyl elektroniese dienste aanlyn voortgaan.

### 1.5 Kampusvernuwing

Kapitaalwerke op ons kampusse het tot 'n skielike stilstand gekom toe die COVID-19-inperking op 27 Maart in werking getree het, maar het ná die latere verslapping van die regulasies hervat. Nietemin is vordering sedertdien stadiger as wat verwag is.

## Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)

Die binneafwerking van die nuwe gebou op verdieping 1 tot 3 vorder goed. Die finale toets vir die vloeiarestikstofinstallasie van die Hamilton BiOS, 'n geoutomatiseerde stelsel vir die berging van sensitiewe biologiese monsters by  $-80\text{ }^{\circ}\text{C}$ , is op 2 Junie voltooi. Hierdie stelsel sal as noodbeskerming dien indien die normale én bystandskragtoevoer onderbreek word. Foutuitskakeling aan die binnekant van die biobewaarplekarea is byna klaar sodat dit aan ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe oorhandig kan word. Die beoogde voltooiingsdatum vir die BMNI-projek is Maart 2021, na gelang van COVID-19-omstandighede.


## Jan Mouton Leersentrum

Die Jan Mouton Leersentrum is steeds 95% klaar. Nadat die hoofkontrakteur, Group Five, onder sakereëding geplaas is, het hulle 'n hersiene beoogde voltooiingsdatum van 28 Augustus voorgestel kort voordat COVID-19 en die daaropvolgende inperking die land getref het.

Werk het sedertdien hervat en ons agente en bestuurders doen gereelde inspeksies om vordering dop te hou. Nogtans het Group Five steeds nie die vereiste en voldoende vaardige hulpbronne op die perseel om die projek deur te voer nie. Alternatiewe moontlikhede word ondersoek.



*Die gebou uit 'n noordwestelike hoek.*



*Een van die lesingsale.*

Vir die jongste nuus oor die volgende projekte, sien asb **ons Bedryfshoof se afsonderlike verslag**:

- Helshoogte-koshuis
- Huis ten Bosch-koshuis
- Dagbreek-koshuis
- Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese-gebou
- JH Neethling-gebou
- Ertjieskloofdam

## Kunswerk by Ou Hoofgebou vier Grondwet

'n Kunswerk ter viering van die Grondwet van Suid-Afrika word by die US se ikoniese Ou Hoofgebou, die tuiste van ons Fakulteit Regsgeleerdheid, in Ryneveldstraat, Stellenbosch, opgerig.

Die installasie bestaan uit drie afsonderlike metaalplate waarop die aanhef van die Grondwet in drie tale (Afrikaans, Engels en Xhosa) uitgebeeld word. Dit word voor die gebou aangebring.

Die projek is in 2017 aangevoer as deel van die Universiteit se strewing om 'n meer **inklusiewe** instelling te skep. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, lê die grondslag vir 'n **demokratiese en oop samelewing**, en die beginsel van transformerende konstitusionalisme is die kern waarom hedendaagse regsopleiding draai.

Die konsep van die installasie het tot stand gekom ná 'n omvattende oorlegplegingsproses met onder meer die US se Komitee vir Visuele Regstelling, personeel en studente van die Fakulteit Regsgeleerdheid, die US-bestuur sowel as eksterne belanghebbendes.

Bekende landskapkunsenaar **Strijdom van der Merwe** is gekies om die projek te ontwerp. Teks op elke plaat sal op die grond geprojekteer word wanneer die son teen sekere hoeke en op sekere tye van die dag deur die plate skyn.

Hierdie kunsinstallasie sal die Ou Hoofgebou as deel van ons universiteitsdorperfenis op Stellenbosch kontekstualiseer deur 'n eietydse kunswerk, wat die gees van ons tyd vasvang, naas die klassieke argitektuur van die gebou te plaas.

Die Ou Hoofgebou is van groot historiese belang. In plaas daarvan om 'n tradisionele monument op te rig om Stellenbosch se 200ste bestaansjaar in 1879 te vier, het die dorp – veral die vroue – geld ingesamel vir die gebou, wat hulle toe aan Stellenboschkollege (wat later Victoriakollege en, in 1918, die Universiteit van Stellenbosch geword het) geskenk het. Die gebou is in November 1886 ingewy en ons Regsfakulteit gebruik dit al sedert dit in 1921 tot stand gekom het.

Die installasie sal na verwagting teen die einde van September klaar wees.

## 1.6 Kampussekuriteit

**Aangemelde misdadavorvalle** by die US was selfs voor die COVID-19-inperking al op 'n historiese **laagtepunt**, wat strook met die afwaartse tendens wat ons sedert 2016 ervaar. Die aandklokkeël gedurende die inperking het sekuriteitsdienste beslis hierdie momentum help handhaaf.

Kampussekuriteit het deur vlak 5, 4, 3 en 2 van die inperking hulle veiligheidspatrollies in voertuie, op motorfietse en te voet voortgesit. Daar was bitter min voorvalle, en etlike dae op 'n slag het sonder enige probleem verbygegaan.

Sedert vlak 3 afgekondig is, is 'n paar voorvalle aangemeld waar misdadigers op boupersele toegeslaan het. Namate kampusbedrywighede geleidelik begin hervat, sal die **misdadbedreiging weer toeneem**. Lede van die kampusgemeenskap is gemaan om waaksaam te bly en hulle eie veiligheidsmaatreëls in die volgende paar maande te verskerp.

Raadpleeg die afsonderlike **verslag van prof Stan du Plessis** vir meer inligting.

## 1.7 Naamsverandering van die Wilcocksgebou

Die naamsverandering van die RW Wilcocksgebou is al geruime tyd aan die kom. Op 27 Julie is dié proses verder gevoer met die uitreiking van 'n algemene versoek vir voorstelle vir 'n nuwe naam. Dít volg nadat die Rektooraat 'n stel spesifieke institusionele [riglyne](#) vir die naamsverandering van die Wilcocksgebou goedgekeur het, wat op sy beurt voorafgegaan is deur 'n oorlegplegingsproses met belanghebbendes van die omgewings wat tans vanuit die gebou werk.

Die huidige prosedure vir die naamgewing en naamsverandering van geboue en lokale bepaal dat 'n spesifieke omgewing wat 'n gebou gebruik die naamsveranderingsproses behoort te fasiliteer. Hierdie bepaalde gebou dien egter as 'n tuiste vir etlike verskillende afdelings en akademiese departemente. Daarbenewens het dit mettertyd duidelik geword dat die naamsverandering van hierdie gebou 'n diep en inklusiewe **konsultasieproses** sal vereis wat veel verder as die gebruikers van die gebou strek.

Daarom is US-personeellede en -studente sowel as lede van gemeenskapstrukture wat in ons Institusionele Forum verteenwoordig word, genooi om 'n nuwe naam vir die gebou voor te stel, wat tans die naam van prof RW Wilcocks, 'n voormalige US-rektor, dra.

Die Universiteit erken dat visuele simbole verskillende emosies by verskillende mense ontlok, veral in 'n diverse en histories verdeelde land soos Suid-Afrika. Die hoop is dat die langverwagte naamsveranderingsproses vir hierdie kerngebou, wat by een van die ingange van

Stellenboschkampus staan, wye deelname sal behels en die **reis van ons instelling** sowel as die omliggende gemeenskap sal weerspieël.

Benoemings het op 26 Augustus gesluit. Die Komitee vir die Naamgewing en Vernoeming van Geboue, Lokale en Ander Fasiliteite/Persele sal in die loop van September ontmoet om die voorstelle te oorweeg. Daarna sal 'n aanbeveling by die Rektooraat gedoen word, gevolg deur 'n aanbeveling by die Uitvoerende Komitee van die Raad, wat die **finale besluit** oor die nuwe naam sal neem.

## 1.8 US-handelsmerkprojek

Soos Raadslede weet, werk ons reeds sedert 2017 aan die vernuwing van die Universiteit se handelsmerk. Die projek bestaan uit verskeie elemente.

Die Rektooraat het reeds 'n nuwe **handelsmerkposisioneringstrategie** en **-narratief** goedgekeur. As deel daarvan sal ons waarskynlik ook ons huidige institusionele slagspreuk, "saam vorentoe. forward together. masiye phambili", behou.

Die vars **visuele identiteit** waaraan ons werk, sal die Universiteit 'n nuwe institusionele logo bied wat op Visie 2040 gegrond moet wees en met ons voorgestelde beleid oor visuele regstelling moet strook. Daar is 'n ferm besluit geneem om na 'n eenvoudige visuele identiteit te beweeg, en sodoende 'n einde te bring aan die meer as 170 logo's wat tans in verskillende US-omgewings gebruik word. Op grond van bestaande handelsmerkekwaliteit sal ons ook maroen as ons primêre institusionele kleur behou, met goud as sekondêre kleur.

Die Raad het by sy vorige vergadering (22 Junie) besluit dat hy die nuwe visuele identiteit sal goedkeur. Die Senaat het ook by sy vorige vergadering (21 Augustus) 'n mosie oor die proses aanvaar ([klik hier](#)). Die **handelsmerkskakelingsplan** is sedertdien **uitgebrei** om volop geleentheid vir kommentaar en bydraes deur belanghebbendes te verseker. Die proses is ontwerp om interaktiewe sessies met belangrike institusionele teikengroepe en vennote in te sluit, sowel as 'n geleentheid vir elektroniese reaksies. Alle statutêre liggame sal deel uitmaak van die skakelingsfase. Die doel is om die vars visuele identiteit by die eerste Raadsvergadering van 2021 ter tafel te lê.

**Prof Hester Klopper** sal meer besonderhede voorsien wanneer sy die Raad by hierdie vergadering op hoogte bring van aktiwiteite in haar verantwoordelikhedsentrum.

## 1.9 Hergroepering van Rektooraatstruktuur

Sedert die Raad die US se *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* aanvaar het, is heelwat aandag aan behoorlike belyning met alle beleide, regulasies, omgewingsplanne, ander US-dokumente en US-strukture geskenk. Die funksionering van ons topbestuurstruktuur, die Rektooraat, maak deel uit van hierdie prentjie.

Die uitvoerende bestuur het die afgelope paar maande wyd gesprek gevoer en met eksterne kundiges oorleg gepleeg oor 'n hersiene Rektooraatstruktuur. Die doel was om doeltreffendheid te verhoog, werkvloei deur beter bedryfsbelyning te stroomlyn, kommunikasielusse te verkort en te verbeter, kernbelanghebbendes 'n beter waardeketting te bied én meer kostedoeltreffend te wees.

Gevolglik het die Rektooraat besluit om sekere funksies in sy strukture te hergroepeer. Dit behels die verskuiwing van 'n paar eenhede in die lynfunksies van die Viserektor: Leer en Onderrig (VR: LO), die Viserektor: Strategie en Internasionalisering (VR: SI), die Registrateursafdeling (RA) en die portefeulje van die **Bedryfshoof**. Veranderinge in verslagdoeningslyne sal 'n beter passing van funksies tot gevolg hê.

**Registrateursafdeling:** Dit is internasionaal aanvaarde gebruik dat die RA as bewaarder optree van studente-inligting, rekords van aansoeke, toelating, koshuisplasing, akademiese transkripte en alle kwalifikasies wat die instelling toeken. Om die doeltreffendheid van die Registrateursrol te verhoog,



het die Rektroraat besluit om die volgende funksies van die portefeulje van die VR: LO na die RA te verskuif: Toelating en Koshuisplasing; asook Kontak- en Kliëntediensle.

Benewens hierdie funksies, wat deel uitmaak van die studenteadministrasieproses, sal die ISFAP-kantoor ook na die RA verskuif: Dít sal in die praklyk tot gevolg hê dat die RA voortaan as 'n onafhanklike verantwoordelikeheidsentrum (VS) funksioneer.

**Leer en Onderrig:** In die lig van die impak van digitalisering op leer en onderrig, en die prioriteit én al hoe groter belang van aanlyn en hibridiese aanbieding in die Universiteit se toekomstige akademiese programme, behoort die VS: LO hoofsaaklik op leer- en onderrigverryking en studentesake in die algemeen te konsentreer. Die Rektroraat het dus besluit dat die VS se missie beter bereik sal word deur die volgende veranderinge aan te bring:

- Die verskuiving van Beurse en Lenings na Finansies in die VS van die Bedryfshoof
- Die verskuiving van Studentewerwing en Loopbaanvoorligting na die herdoopte Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking (KKB) in die VS van die VR: SI
- Die verskuiving van Toelating en Koshuisplasing na die RA
- Die verskuiving van Kontak- en Kliëntediensle na die RA

**Strategie en Internasionalisering:** Die lesse wat gedurende die hergroepering van bedryfsaspekte vir die Eeufesprojek van 2018 geleer is (na aanleiding waarvan Korporatiewe Kommunikasie in April 2019 by SI ingesluit is), het die Rektroraat net meer vasberade gemaak om saam te voeg wat saamhoort, en sodoende doeltreffendheid en dienslewering te verbeter.

Die insluiting van werwingsfunksies by die portefeulje van kommunikasie en bemaking bied die Universiteit die voordeel om sy interaksies met kernbelanghebbendes optimaal te belyn.

Die verskuivings in dié verband behels die volgende:

- Die verskuiving van Studentewerwing en Loopbaanvoorligting uit die verslagdoeningslyn van die VR: LO na die herdoopte KKB in SI
- Die konsolidering van studentewerwing vir alle studievlakke (voorgraads, nagraads én internasionaal) in SI

Die funksionele verskuiving van Studentewerwing en Loopbaanvoorligting na KKB word beskou as 'n noodsaaklike stap om die bemakings-, kommunikasie- en werwingsaktiwiteite van die Universiteit op te skerp en te belyn.

**Aanstelling van 'n senior direkteur vir Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking:** Die bedanking van die vorige senior direkteur van die destydse Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het saamgeval met die Rektroraat se oorhoofse hersieningsprosesse vir die hergroepering van bedryfsfunksies om werkvloei te verbeter en doeltreffendheid te optimaliseer.

In die oorweging van die ideale bedryfstruktuur om in die belange van die huidige én toekomstige studentekorps op te tree, was dit duidelik dat ons die Universiteit se kommunikasie- en bemakingsfunksies moes versterk met studentewerwing- en direkte bemakingsvermoëns wat in die kommunikasiebehoeftes van die digitale generasie voorsien. Laasgenoemde vermoëns is reeds onder leiding van **me Christelle Feyt** as senior direkteur van Studentetoegang ontwikkel en geïmplementeer, met goeie gevolge. Die sukses van die Universiteit se werwingsprogramme die afgelope paar jaar het boonop bewys dat die noodsaaklike vaardighede en vermoëns vir die pos van die senior direkteur van KKB reeds intern beskikbaar is.

Me Feyt het aan al Menslike Hulpbronne se vereistes vir direkte werwing voldoen. 'n Aanstellingspaneel (wat 'n eksterne kommunikasie- en bemakingskenner ingesluit het) het vervolgens 'n deeglike evaluerings- en onderhoudproses gevolg, en het uiteindelik me Feyt se aanstelling as senior direkteur van KKB ondersteun.

## 1.10 US-gedragkode

In *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* verbind die US hom tot die waardes van uitnemendheid, deernis, verantwoordbaarheid, respek en billikheid. Aangesien ons wil hê dat hierdie spesifieke waardes ons optrede rig, sal ons dit as grondslag gebruik om 'n gedragkode vir die US te skryf. Die kode sal sekere vereiste, aanvaarbare en hetsy beperkte of verbode **gedrag en praktyke** in die organisasie beskryf. Twee beginsels sal hierdie werk rig: Die gedragkode sal eerstens uit 'n waardegedrewe eerder as 'n reëlgedrewe oogpunt opgestel word. Tweedens sal belanghebbendes aktief by die proses betrek word om mede-eienaarskap te verseker.

Vir meer besonderhede, **raadpleeg prof Klopper se verslag**.

## 1.11 Fondswerwing

Die binnelandse en buitelandse **ekonomiese insinking** vanweë die COVID-19-pandemie, en dit boonop pas nadat Suid-Afrika tot rommelstatus afgegradeer is, sal ongetwyfeld 'n direkte en negatiewe impak op ons fondswerwingsomgewing hê. Soos baie ontleders ook uitwys, voorsien ons dat ons die gevolge op sowel kort as langer termyn sal ervaar. Reisgeleenthede bly ingeperk en geen groot geleenthede sal waarskynlik vir die res van 2020 aangebied kan word nie.

Hoewel ons die tweede semester betree het met 'n mate van angs oor wat die toekoms inhou, het ons dit darem ook vanaf 'n sterk grondslag gedoen. Ons weet watter gebiede dringend hersien moet word; ons implementeer tans die nodige veranderinge, en ons het **nuwe werkswyses** ontwikkel wat ons voortaan baie sal help.

Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB) het van **Januarie tot Junie** altesaam **51% meer skenkings** as in die ooreenstemmende tydperk verlede jaar ontvang.

**Dr Johann Rupert** het in Februarie 2020 'n skenking van R65 miljoen gemaak, waarvan R60 miljoen vir die verskuiwing van die Bestuurskool na Stellenbosch bestem is, en R5 miljoen vir die Russel Botman-beursfonds. Daarbenewens is **beursfinansieringsdoelwitte** met 7% oortref, en het ons tot dusver vanjaar al skenkings van 580 beursskenkers ontvang. Ons **breëbasis- swart ekonomiese bemagtigings- (BBSEB-)**skenkersgetalle oortref die mikpunt vir 2020 reeds met 13%, en **stigtings- en trustskenkings** is 10% meer as verlede jaar.

Ons het flink te werk gegaan om die geleenthede rondom COVID-19 ten volle te benut om **nuwe individuele en institusionele skenkers** te werf, onder meer sommige sonder enige vorige bande met die US. Dit hou langtermynvoordele in, want die soeke na nuwe skenkers – veral dié sonder enige vorige verbintenis met of kennis van die US – is gewoonlik nie net tydrowend nie, maar ook minder suksesvol as om verhoudings te bou met diegene wat reeds 'n belang by die US het.

Ons jare lange bearbeiding van 'n paar stigtings begin nou vrugte afwerp. Drie nuwe beursverhoudings is die afgelope semester met internasionale stigtings tot stand gebring, naamlik met die **Michael & Susan Dell**-stigting, (Google) **DeepMind** en die **Wurwandstigting** (Dermalogica).

OAB se **voorstelskrywers** en fondswerwingskommunikasiepersoneel was in die tweede kwartaal besonder besig om op fondswerwingsbehoefte in die lig van die COVID-19-pandemie te reageer. Die voorstelspan het 31 stukke voorstelverwante werk voltooi, wat 63% meer is as in die eerste kwartaal. Hoogtepunte sluit in voorstelle vir die digitalisering van die waakeenheid by Tygerberghospitaal, 'n digitaaltoegangsansoek vir studentesteun, en 'n voorstel vir onderrig-en-leeresteun gedurende die landwye inperking – wat alles suksesvol was.

Danksy die **Michael & Susan Dell-stigting** word 'n ambisieuse digitaliseringsprojek tans bekend gestel wat nie net die versorging van ernstig siek COVID-19-pasiënte sal verbeter nie, maar ook die infeksierisiko vir hospitaalpersoneel by Tygerberghospitaal in Kaapstad sal verlaag. Die **digitalisering** van die hospitaal se COVID-19-waakeenheid doen weg met papierpasiënterekords wat met die hand



langs pasiënte se bed vasgelê word, en vervang dit met 'n nuwe, digitale stelsel wat op kameras en tabletrekenaars staatmaak om pasiënte se vitale tekens te monitor.

Die stigting het ook 'n toekenning bewillig vir pasgemaakte akademiese en psigososiale **steun vir studente** wat kwesbaar is en gevaar loop om nie te gradueer of na hul volgende studiejaar aan te beweeg nie. Dit sal akademiese steun versterk om te sorg dat elke student koers hou, ondanks die uitdagings wat hulle dalk ondervind. Hierdie toelaag word aangevul deur 'n aansienlike skenking van die **Oppenheimer-gedenktrust** ter ondersteuning van die US se noodafstandsonderrig- en-leerinisiatiewe. Die Oppenheimer-toekenning bied die nodige vermoë om aanlyn leermateriaal te ontwerp, maak dit moontlik om protokolle vir aanlyn assessering te ontwikkel, en verseker 'n goed gekoördineerde tutor- en mentorskapsprogram. Daarbenewens het die **Harry Crossley-stigting** 'n spesiale COVID-19-toekenning van R250 000 bevestig om 'n aansienlik uitgebreide tutoraanbod aan studente beskikbaar te stel.

Beurse bly 'n belangrike fokusgebied vir voorstelontwikkeling (23%), en die meeste voorstelle (23%) is op groot nasionale maatskappye afgestem.

**DeepMind**, 'n Londense maatskappy wat aan Google verbonde is en beskou word as 'n wêreldleier in kunsmatige intelligensie, het aangekondig dat hul eerste nagraadse beurse in Afrika aan studente by die US toegeken sal word. Hierdie beurse sal gaan aan **nagraadse studente** op die gebied van toegepaste wiskunde, statistiek, elektriese en elektroniese ingenieurswese, en rekenaarwetenskap. Die ontvangers, wat deur die Universiteit gekies sal word, sal in 2021 met hulle kursusse begin.

**Internasionale skenkings** (R39 miljoen tot dusver) het nie die mikpunt van R50 miljoen gehaal nie. Ons hoop egter om in die tweede semester vir die verskil te vergoed omdat heelwat groot skenkingsbeloftes wat ons in Junie te wagte was eers later ontvang sal word.

Hoewel geensins 'n verrassing nie, is **Suid-Afrikaanse korporatiewe skenkings** ongelukkig 2% minder as verlede jaar. Mikpunte word tans realisties aangepas in die lig van die COVID-19-impak op die ekonomie. Ons leef in swaar tye.

U sal onthou dat ons vyf kerngebiede geïdentifiseer het wat gedurende die pandemie finansiële bystand van ons skenkergemeenskap vereis. 'n [Webblad](#) om **COVID-19-bystandsgeleenthede** uit te lig, is geskep. Dit sluit inligting in oor die verskillende maniere waarop ons belanghebbendes 'n verskil kan maak in die lewens van ons studente, personeellede en die groter US-gemeenskap. Die blad bied ook 'n geleentheid vir personeelskenking om ons solidariteit, deernis en empatie te toon. Hierdie pogings word deur 'n toegespitste sosialemediaveldtog ondersteun.

As ons die afgelope kwartaal een les geleer het, is dit dat **aanlyn fondswerwing** hier is om te bly. Die inperking het gewys presies hoeveel skakeling aanlyn gedoen kan word. En hoewel ons dit dalk reeds voor COVID-19 besef het, is huidige en moontlike skenkers nou meer ontvanklik vir aanlyn versoeke. Afstandskakeling met skenkers, moontlike vennote en alumni wêreldwyd het bewys dat ons toekomstige aktiwiteite beslis aanlyn skakeling sal insluit, selfs al kan ons weer voluit begin reis en persoonlike ontmoetings hê. Dit vul fisiese skakeling in vele opsigte aan en sal ons in staat stel om meer met minder te doen – 'n positiewe neweproduk van die pandemie.

## 1.12 Strategiese Fonds

Die Strategiese Fondskomitee het op 10 Junie 2020 besluit oor die finale toekennings aan die 14 projekte in kategorie A (strategiese inisiatiewe) wat in April gekies is om tot rondte 2 deur te dring. **Elf** daarvan is uiteindelik vir finansiering **goedgekeur**. Dit sluit in oorbruggingsfinansiering vir 'n aantal nuwe akademiese programme vir 'n beperkte tyd om die Universiteit se onderrig en leer te ondersteun, hefboomfinansiering vir 'n noodsaaklike opknapping van die kern- magnetiese resonansie- ("NMR")-spektroskopiefasiliteite ter ondersteuning van US-navorsing, en steun vir die ontwikkeling van 'n US-sentrum vir tegnologie-entrepeneurs, 'n gesamentlike projek van die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenk en die LaunchLab. Alle beskikbare geld in die Strategiese

Fonds vir 2020 is dus nou toegeken. Die klem verskuif nou na die implementering van aktiewe projekte, waaroor die eerste vorderingsverslae in September 2020 gelewer sal word.

**Sien prof Klopper se verslag** vir 'n jaaroorsig oor die Strategiese Fonds.

### 1.13 US-ontwikkelingsprojekte en -afwentelmaatskappye

Ondanks die COVID-19-inperking sedert Maart het Innovus **vier nuwe afwentelmaatskappye** opgerig en **beleggingskapitaal** van bykans R12 miljoen vir US-projekte en -beginnermaatskappye bekom.

Die nuwe maatskappye wat in samewerking met navorsers gestig is, is BICODE, Phagoflux, Susento en Biotikum. Al vier het finansiering van hetsy die Universiteitstegnologiesfonds (UTF) of ander beleggers ontvang. Die Innovus-span werk ook tans saam met navorsers aan 'n vyfde afwentelmaatskappy, Immobazyme, sowel as 'n samesmelting tussen Bridgiot en een van sy kliënte.

Wat finansiering betref, het vier US-projekte R2,4 miljoen uit die Tegnologie-innovasieagentskap (TIA) se stigtingskapitaalfonds ontvang. Die UTF-stigtingskapitaalfonds het op sy beurt R3 miljoen in twee maatskappye belê, en 'n derde maatskappy word tans aan 'n omsigtigheidsondersoek onderwerp. Vier US-projekte het ook R1,5 miljoen se UTF-voorstigtingskapitaal van Innovus ontvang. Boonop het 'n ander belegger R5 miljoen in een van ons onlangs gestigte ondernemings gesteeek.

Daarbenewens het Innovus gedurende die inperking ses ooreenkomste vir **tegnologieliensies** en een vir 'n kitstoegangslisensie met bedryfsvennote beding en aangegaan.

'n Nuwe **mobiele eenheid** is vervaardig om die **Matiewinkel** op Stellenbosch te vervang. Die eenheid sal by verskillende geleenthede (soos gradeplegtighede en Varsitybekerwedstryde) gebruik word sodra die COVID-19-pandemie verby is en bedrywighede op kampus na normaal terugkeer. Die inperkingstyd is ook gebruik om 'n aanlyn winkel op die **Takealot-platform** te skep om US-handelsware te verkoop en te versprei ([klik hier](#)).

Laastens het die **LaunchLab** nouer met Innovus begin saamwerk om hulle diensaanbod na ons fakulteite uit te brei. Die doel is om 'n entrepreneursgees aan te wakker en die kommersialisering van tegnologie en innovasie te ondersteun.

### 1.14 Stelselvernuwing

Een van die Universiteit se kern- strategiese inisiatiewe is die oorskakeling vanaf die US se verouderde finansiële stelsel en studente-inligtingstelsel na die nuwerwetse plaasvervangers SUNFin en SUNStudent. Die nuwe stelsels is grondliggend tot ons strewe na toenemende digitalisering. Dit sal ook bydra tot beter sistemiese volhoubaarheid vir die Universiteit en beter dienslewering.

Die impak van die koronaviruspandemie het die reeds komplekse, groot en omvattende stelselvernuwingsinisiatief selfs ingewikkelder gemaak. Enersyds het die landwyse inperking die uitbreiding van 'n leer-en-onderdig-ekosisteem met beter aanlyn funksies by die US bespoedig. Andersyds het afstandswerk 'n ontwrigtende uitwerking. Party lede van die twee spanne moes ook hulle aandag na die US se bedryfsvoortsettingswerk verskuif, wat hulle met minder tyd laat om aan SUNFin en SUNStudent te werk. Nietemin gaan die inisiatief voort. Vind meer besonderhede hieronder, en raadpleeg ook die **afsonderlike verslag van prof Stan du Plessis** vir 'n jaaroorsig .

#### SUNFin

Die Rektooraat het op 18 Junie ingestem om die aktiveringsdatum vir SUNFin met ses maande **uit te stel** – van Januarie tot **Julie 2021**. Dít is weens verskeie faktore wat die SUNFin-beheerkomitee voorgelê het.

Een faktor was COVID-19. Om byvoorbeeld die reëlins te tref om skootrekenaars aan studente te leen en bystand met studentegeldbetalings te voorsien, moes 25 nuwe sagtewaremodules dringend op die bestaande studentefinansieringstelsel geskep en 78 bestaande modules gewysig word.

Nietemin het ander faktore óók druk op die proses geplaas. Om ten volle te begryp watter impak die nuwe Oracle Cloud Financials- (OCF-)stelsel op gevestigde US-stelsels sal hê, en wat dit sal verg om die nodige integrasie te bewerkstellig, het langer geduur as wat verwag is. Verskeie dataverwante haakplekke het opgeduik, wat die tweede OCF-beoordeling vertraag het.

Gesamentlik het hierdie uitdagings minder beskikbare tyd gelaat vir gebruikeraanvaardingstoetse en eindgebruikeropleiding, wat 'n gevaar vir die projek sou inhou. Noudat die aktiveringsdatum uitgestel is, kan dít met 'n hersiene projekplan reggestel word.

Intussen het rondte 2A-beoordelings op 6 Julie 'n aanvang geneem. Die doel is om kennis van die implementeringsvennoot, Visions Consulting, na die kenners in ons Afdeling Finansies oor te dra.

Daarbenewens behou SUNFin se IKT-span momentum deur aan te hou werk aan die integrasielandskap, die ontwikkeling van die opleidingsinstrument, die verbetering van die toetsbenadering en -plan, en die aanpassing van die datamigrasie-strategie.

Die proses om Planon, ons fasiliteitsbestuursagteware, by OCF te integreer is ook aangevoer. Aangesien albei moderne stelsels is, is dit nou moontlik om van die funksies wat nie in die Planon-standaardimplementering gebruik kon word nie, te herontwerp.

'n Kerndoelwit gedurende die herbeplanning van die SUNFin-projek sal wees om vertragings met SUNStudent te beperk. Geïntegreerde beplanning bly noodsaaklik.

Besoek die [SUNFin-blad](#) op die US-webtuiste vir verdere besonderhede.

## SUNStudent

Soos ek laas verslag gedoen het, is die bloudrukdokumente vir die fase 1-funksies van SUNStudent (aansoeke/toelatings, werwing, handboekbestellings) goedgekeur om in die eerste kwartaal van 2021 geaktiveer te word.

Projekdiensverskaffer **Serosoft** Solutions het die Academia-sagteware vir fase 1 gekonfigureer om teen die middel van Augustus beskikbaar te wees sodat 'n sagtewareproef en opleiding teen die middel van Oktober 2020 afgehandel kan word. Die opleiding sal op die evaluering van toetsgevalle met behulp van die Toonimo-opleidingsinstrument toegespits wees. Ander voorbereidingsaktiwiteite sluit in die invoer van meesterdata en die voorsiening van integrasiepunte.

Ons kan nou verslag doen dat die meeste van die **fase 2-funksies** volgens plan teen die einde van Junie goedgekeur en **aanvaar** is. Dít sluit in studente se programvordering, hertoelatings, lokaalbesprekings, klastoewysings, vereniging- en sportklubbestuur, kurrikulumbestuur, die invoer van Nasionale Senior Sertifikate, studentedissipline, registrasie, ko-kurrikulêre inligting, verkiesings, mentorskap en akademiese steun.

Die goedkeuring van sommige funksies moes egter **uitgestel** word weens die bekendstelling van nuwe prosesse by die US wat nie by die oorspronklike bloudrukwerksessies bespreek is nie. Terselfdertyd is die beoordeling- en goedkeuringsprosesse vir fase 3 aan die gang. Dit sluit in nagraadse bestuur, etebesprekings in eetsale, studentegeld, koshuisbestuur, tesisbestuur, finansiële bystand, studente-assessering, puntevaslegging, eksamenvergunnings, graadoudits, graduering, amptelike verslagdoening, eksamenbestuur, somer-/winterskole, HEMIS, SUN-i en kortkursusse.

Hoewel almal lang ure werk, bly dit 'n uitdaging om sperdatums te haal en terselfdertyd te voorsien in die behoeftes wat uit ons nuwe omstandighede en die US se gebeurlikheidsplanne spruit.

Werk aan die implementeringsprojekplan vir fase 2, 3 en kortkursusse vir die tydperk vanaf die vierde kwartaal van 2020 tot en met die eerste kwartaal van 2022 is ook aan die gang. Koördinerings met SUNFin is noodsaaklik om albei projekte se aktiveringsdatums te haal.

Gaan na die [SUNStudent-blad](#) op die US-webtuiste vir verdere besonderhede.

## 1.15 Studentetredhousstelsel

'n Diensverskaffer is aangestel vir die ontwikkeling van **SUNTrack**, 'n studentetredhou-en-waarskuwingstelsel. Die tender is toegeken aan **Serosoft Solutions**, wat ook die diensverskaffer vir die **SUNStudent**-projek is. 'n Eerste beheer Komiteevergadering vir die SUNTrack-projek het in Julie plaasgevind. Bloudrukwerk sessies sal gereël word sodra IT die projekplan goedgekeur het.

## 1.16 Voldoening aan wetgewing oor toegang tot inligting en privaatheid

Die Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting (**POPIA**) het op **1 Julie** in werking getree, en vereis voldoening binne 'n jaar. Ons Afdeling Inligtingsoorsigbestuur herstruktureer nou hulle implementeringsplan om die sperdatum van **30 Junie 2021** te haal. Suksesvolle voldoening sal vereis dat al ons studente en personeel proaktief optree. Inligtingsoorsigbestuur sal inligting en steun in hierdie verband voorsien. [Klik hier](#) om meer oor ons raamwerk vir die oorsigbestuur van persoonlike inligting te lees.

## 1.17 Geïntegreerde jaarverslag

Die Rektoraat het Korporatiewe Kommunikasie se voorstel aanvaar om slegs 'n **beperkte oplaag** van die geïntegreerde jaarverslag van 2019 te laat druk. Die vereiste getal eksemplare is teen die einde van Junie vir voldoeningdoeleindes by die **DHOO ingedien**.

Die vraag na gedrukte eksemplare van die omvattende jaarverslag het die afgelope paar jaar stelselmatig afgeneem. 'n Beperkte hoeveelheid gedrukte eksemplare sal beskikbaar gestel word, en 'n [PDF-weergawe](#) is intussen op die US-webtuiste geplaas.

Die jaarverslag word slegs in Engels gepubliseer omdat dit spesifiek vir die DHOO opgestel word. Tog sal 'n bykomende **jaaroorsig** – 'n toegankliker weergawe van die jaarverslag – voortaan elke jaar in sowel Engels as Afrikaans uitgegee word.

## 1.18 US in die nuus (23 Mei tot 26 Augustus 2020)

Die US het in die eerste paar maande van die jaar 'n bloeityd in die media beleef en die meeste **algemene nuusbrokkies** van alle Suid-Afrikaanse universiteite gehad. Dit is luidens die datastel van die mediamoniteringsagentskap PEAR. Hoewel ons nie in Junie en Julie eerste geëindig het nie, het ons steeds ons getal nuusbrokkies gehandhaaf, wat ons 'n plek **onder die top drie** besorg het. Dit was ook die geval in die subkategorie "Navorsing en innovasie".

**COVID-19** het die afgelope paar maande steeds die nuus oorheers. US-komentators het deskundige kommentaar aan die media voorsien, en sodoende die Universiteit se reputasie as 'n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling verder verstewig.

Die Universiteit se mediaverklarings het betreklik goeie dekking ontvang, maar verklarings wat nie direk met COVID-19 verband hou nie moes behoorlik stoei om ook blootstelling te kry. Van die **navorsingsartikels** wat wél die media se aandag getrek het, sluit die volgende in:

- [Nuwe boek is skatkis van inligting oor indringerspesies \(SANBI, M&G\)](#)
- [Studie identifiseer tieners se strategieë om stres te hanteer \(Living and Loving\)](#)
- [COVID-19: Digitalisering van ISE verbeter pasiëntsorg en beskerm gesondheidspersoneel \(Times Live, Engineering News\)](#)
- [Universiteit Stellenbosch se BioCODE eerste ontvanger van UTF-fondse \(Cape Times\)](#)
- [Vergoedingsdeursigtigheid kan gaping vir vroue oorbrug \(SA Jewish Report, City Press, News24, FA News, Briefly, Sowetan Live\)](#)
- [Kaapse pelsrobbe kan hulle kalfies tot in hul volwassenheid soog \(Cape Times, IOL\)](#)

- [US-navorsing in hernubare energie baat by groot Britse befondsingsprojek \(Engineering News & Mining Weekly\)](#)

Die verslag [Counting the Cost: COVID-19 school closures in South Africa & its impact on children](#) deur prof Servaas van der Berg en dr Nic Spaull, albei van die Departement Ekonomie, is besonder goed ontvang ([Daily Maverick](#), [Times Live](#), [Citizen](#), [Daily News](#), [SmileFM](#), [Cape Times](#), [Beeld](#), [SABC2](#), [702](#), [Cape Talk](#), [Newzroom Afrika](#)).

**Institusionele nuus en gebeure** wat in die nuus was, sluit die volgende in:

- [Unieke Suid-Afrikaanse kuns om Matie-studente in nood te help \(RSG, Yiba, MatieMedia, Cape Argus, SABC, Beeld, Die Burger\)](#)
- [US verstewig akademiese en psigomaatskaplike steun aan studente \(News24, Yiba, Bizcommunity, Smile FM\)](#)
- [Voorskoolse leerder samel geld in vir Maties se #Train4Fees-veldtog \(IOL, Yiba\)](#)

Alumnus dr Leon Schreiber en die DA se [PAIA-versoek](#) en uiteindelijke hofaansoek het ook heelwat mediadekking tot gevolg gehad, veral in die Afrikaanse media (sien [Die Burger 1](#), [2](#) en [3](#), [Politicsweb 1](#) en [2](#), [Eikestadnuus](#), [MatieMedia](#), [Sunday World](#), [IOL](#), [Radio 702](#), [DA](#), [Stellenbosch News](#), [Cape Argus](#)). Die Universiteit het aangedui dat hy nie die PAIA-hofaansoek sal teenstaan nie, en het ook van die [feitefoute in 'n DA-mediaverklaring reggestel](#).

Beweerde geslagsgebaseerde geweld op Tygerbergkampus was 'n verdere bron van negatiewe publisiteit vir die US ([Cape Argus](#), [Die Burger](#), [Cape Times](#), [EWN](#), [News24](#)).

Die Mediakantoor het soos gewoonlik weer veelvuldige **navrae** ontvang, nie net oor COVID-19 nie, maar ook oor bedryfsvoortsetting en die proses vir studente se gefaseerde terugkeer kampus toe. Daarbenewens het ons Mediakantoor die pers van **kennerslyste** in verband met Wêreldomgewingsdag op 5 Junie, Jeugdag op 16 Junie sowel as Vrouedag op 9 Augustus voorsien.

Ons akademiese personeellede gaan voort om die US se navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur **denkleierskapstukke** vir The Conversation te skryf. In die verslagtydperk het 20 van ons bydraers 18 artikels die lig laat sien, wat gesamentlik bykans 347 000 keer gelees is.

The Conversation het aan die begin van Junie ook hulle eerste aanlyn opleidingsessie vir US-personeel aangebied. Die US se personeel en studente het boonop weer 'n groot hoeveelheid **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** geskryf (sien **BYLAAG**).

**Sien prof Klopper se verslag** vir 'n jaarorsig van die US in die nuus.

### 1.19 'Matieland'-tydskrif

Die [jongste uitgawe van Matieland](#), die US se korporatiewe tydskrif, is in Augustus uitgegee. Dit fokus op een van ons kern strategiese temas, "Navorsing vir impak", wat aansluit by ons verbintenisse in Visie 2040 om "kennis tot diens van die samelewing [te] bevorder". Die tydskrif bevat artikels oor ons navorsingsreaksie op die COVID-19-pandemie, US-kenners se mening oor die vereiste kopskuiwe om by die nuwe normaal aan te pas, 'n profiel van ons nuwe Kanselier, oudregter Edwin Cameron, en hoe die US programme soos die kortkursus oor wêreldburgerskap gebruik om sy studente vir internasionalisering toe te rus. [Klik hier](#) vir die elektroniese bewaarplek en argief van hierdie publikasie, en [hier](#) om te registreer om die gedrukte weergawe in die pos te ontvang.

## TEMA 2 : 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) lui soos volg oor 'n **transformerende studente-ervaring**: "Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as 'n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul." Dit behels ook "die voorsiening van

groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

## 2.1 Koshuisstudente keer in fases terug

(Raadpleeg 1.1 vir inligting oor die proses vir studente se terugkeer na die kampus in die algemeen.)

Die perk van 33% op studente wat ingevolge vlak 3 van die nasionale ramptoestand na die kampus mag terugkeer, is eweneens van toepassing op koshuise om die verspreiding van COVID-19 te voorkom. Studente kon **aansoek doen** om na die kampus en/of koshuis terug te keer op grond van leerhindernisse tuis. **Meer as 1 000** studente het van hierdie geleentheid gebruik gemaak. Hulle motiverings is beoordeel aan die hand van die redes wat hulle voorsien het, sowel as die getal beskikbare plekke in ons koshuise.


’n Faktor wat oorweeg moes word, was dat sowat **700** van ons studente in Universiteitskoshuise **agtergebly** het toe die inperking aanvanklik in Maart aangekondig is, veral dié in senior koshuise. Die beskikbaarheid van kamers was ’n verdere oorweging. Die Universiteit fasiliteer nou ’n proses wat studente toelaat om hulle koshuiskamers te kom ontruim – uiteraard in pas met die regulasies – indien hulle nie van plan is om terug te keer kampus toe nie.

Die meeste aansoekers wat redes aangevoer het om terug te keer koshuis toe kon gehelp word, buiten studente by Tygerberg, waar die praktiese implikasies langer geduur het om uit te pluus.

## 2.2 Inskrywings vir 2020

Hieronder volg ’n oorsig van **inskrwingstatistieke vir 2020** op grond van die amptelike syfers wat die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) in Junie uitgereik het. [Klik hier](#) vir toegang tot die volledige verslag deur me Loumarie Kistner van IOB se Sentrum vir Bedryfsintelligensie.

**Totale inskrywings** het met 0,4% afgeneem van 31 681 in Junie 2019 tot **31 540 in Junie 2020**. Dít was hoofsaaklik weens ’n afname van 28,7% in die getal geleentheidstudente. Voorgraadse inskrywings het met 0,7% toegeneem, en nagraadse inskrywings met 0,4%.




Getal voor- en nagraadse inskrywings, 2016–2020, sowel as verspreiding vir 2020.

Die afname in algehele inskrywings is ook beïnvloed deur ’n daling in die getal internasionale inskrywings: Hoewel Suid-Afrikaanse inskrywings met 0,8% toegeneem het, was internasionale inskrywings 10,6% minder

**Nuwelingeerstejaar- (NE-)inskrwing** het van 2019 tot 2020 met 3,8% toegeneem, maar het die teiken vir Junie 2020 met 5,0% gemis.







*Nuwelingeerstejaar- (NE-)inskrywings en -teikens, 2016–2020.*

Wat **totale inskrywings volgens bevolkingsgroep** betref, het die getal swart Afrikaanstudente van 2019 tot 2020 met 3,1% toegeneem, en Indiër- en Asiërstudente met 1,9%. Die getal wit studente het oor dieselfde tydperk met 2,4% afgeneem, en bruin studente met 1,2%.

'n Ontleding van **NE-inskrywings volgens bevolkingsgroep** toon dat hoewel die getal NE-inskrywings uit die bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiërgroepe met 7,1% gestyg het van 1 909 in 2019 tot 2 044 in 2020, inskrywings vir hierdie groepe in 2020 steeds die Junie-teiken met 9,8% gemis het. Studente uit hierdie groepe het 39,1% van die algehele NE-inskrywings vir 2020 uitgemaak – twee persentasiepunte onder die teiken van 41,1%. NE's uit die swart Afrikaangroep het van 2019 tot 2020 die hoogste groeikoers (15,4%) getoon teenoor die afname van 6,8% wat in 2019 ervaar is. NE's uit die Indiër- en Asiërgroepe het met 8,1% toegeneem. NE's uit die bruin en wit groepe het geen tot marginale toenames getoon.




*Getal inskrywings volgens bevolkingsgroep, 2016–2020.*




*Verspreiding van NE's per bevolkingsgroep.*

Met betrekking tot **inskrywings volgens huistaalgroep** het die getal studente met Afrikaans as huistaal van 2019 tot 2020 met 3,8% afgeneem, terwyl diegene met Engels as huistaal feitlik onveranderd gebly het. Studente met 'n amptelike Suid-Afrikaanse taal buiten Afrikaans of Engels as huistaal het met 10,2% gestyg. Laastens het die getal studente wat 'n internasionale taal tuis praat met 12,2% afgeneem.



*Getal inskrywings volgens huistaalgroep, 2016–2020.*



*Huistaalverspreiding, 2020.*

### 2.3 Studentewerwing

Ons studentewerwingspan het in Mei en Junie hulle **aanlyn werwingsveldtog** voortgesit. Hulle het die US in aanlyn loopbaanberade, -uitstallings en -webinare verteenwoordig en bykans 100 inligtingssessies vir leerders op sosialemediaplatforms aangebied.

Die span het ook in samewerking met my kantoor, Korporatiewe Kommunikasie, fakulteite en die Studenteraad promosievideo's laat maak. Die video's is op sosiale media geplaas en per e-pos, WhatsApp en SMS aan skole gestuur. [Klik hier](#) vir my werwingsvideo, en [hier](#) vir die video van die SR-voorsitter Lewis Mboko.

'n Hulpbronblad vir onderwysers en ouers is by die webblad vir voornemende studente [www.maties.com](http://www.maties.com) ingesluit. Dit bestaan uit inligtingstelle, 'n matriekoorlewingshandleiding, jaarboeke, en advies oor die elektroniese aansoekproses.

Die werwingspan en loopbaansielkundiges het boonop meer as 17 radio-onderhoude gevoer waarin aspekte soos studiekeleenthede by die US en loopbaanvoorligting ter sprake gekom het. Die span het ook aan hoëronderwyspromosieveldtogte van Vodacom en Kfm 94.5 deelgeneem.




En in 'n opwindende nuwe ontwikkeling het ons werwingspan met Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking saamgewerk aan 'n reeks podsendinge wat verskillende studierigtings vir voornemende studente verken. Dit word deur middel van ons nuwe podsendingkanaal, [talks@stellenboschuniversity](mailto:talks@stellenboschuniversity), versprei. [Klik hier](#) vir 'n voorbeeld.

### 2.4 Nuwelingeerstejaars (NE's) vir 2021

Voorgraadse aansoeke vir die US se inname van 2021 het op 30 Junie gesluit. Teen die einde van Augustus 2020 was alle **aansoeksyfers hoër** as verlede jaar. Die Toelatingkantoor het 'n verslag oor aansoek- en toelatingstendense vir 2021 uitgereik. Hoogtepunte is soos volg:

- Totale NE-aansoeke is 11% meer as verlede jaar.
- Volledige aansoeke het met 9% toegeneem en voorlopige aanbiedinge met 4%
- Volledige aansoeke van swart Afrikaan-NE-kandidate het met 8% toegeneem, en dié van bruin kandidate met 16%.
- Voorlopige aanbiedinge aan swart Afrikaan-NE-aanzoekers het met 8% toegeneem, en aanbiedinge aan bruin aanzoekers met 1%.





## 2.5 Beurse en lenings

### Finansiering van onderwyssektorowerheid

Te midde van die COVID-19-pandemie het Universiteite Suid-Afrika (USAf) 'n studentebeursooreenkoms aangegaan met die sektorale onderwys-en-opleidingsowerheid vir onderwys-, opleidings- en ontwikkelingspraktyke (ETDP SETA) om voorgraadse studente vir 2020 op enige gebied te ondersteun. Altesaam R7,5 miljoen is aan die US toegeken en die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings het geskikte kandidate geïdentifiseer. Die beurse sal begunstigdes se klagsgeld vir die huidige akademiese jaar dek.

### NSFAS (Nasionale Finansiëlehulpskema vir Studente)

**Implementering van die N+2-voorskrif:** Die kriterium waarvolgens NSFAS kandidate se geskiktheid vir finansiering bepaal, is die minimum tyd wat 'n universiteit vir die voltooiing van 'n bepaalde studieprogram aandui (wat ook as "regulasietyd" bekend is), plus nog twee jaar. Dit word die "N+2-reël" genoem.

NSFAS het in finansieringsiklus 2020 'n omvattend hersiene N+2-reël geïmplementeer om voldoening aan die DHOO se beursreëls en -riglyne vir die universiteitsektor vir 2020 te verseker. Verskeie universiteitstudente is as gevolg daarvan hulle NSFAS-finansiering kwyt. Baie van hulle het gevolglik teen die toepassing van hierdie reël geappelleer en mediese toestande en finalejaarstudie aangevoer as redes waarom NSFAS sy finansieringsbesluit moet heroorweeg.


'n Voorlopige NSFAS-onderzoek het aan die lig gebring dat dié reël moontlik 29 000 studente raak wie se hoëronderwysregistrasie die N+2-tydraamwerk oorskry. Om billikheid te verseker, het die Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie later 'n **toegewing** in die toepassing van die N+2-reël aangekondig.

Hierdie toegewing sal egter nie breedweg op alle onsuksesvolle N+2-studente toegepas word nie, maar slegs op daardie NSFAS-begunstigdes vir wie 'n institusionele appèl ontvang word. Ons Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings het ons studente se **appèlle** aan die hand van hierdie voorskrif hersien en 'n lys van 51 studente aan NSFAS voorgelê. Ons wag tans op die uitslag.

**Toelaagbetalings aan NSFAS-studente met 'n finansieringsperk:** Alle nuweling-hoëronderwysstudente ontvang sedert 2018 die nuwe NSFAS-volkostebeurs. Senior studente wat voor 2018 geregistreer het, ontvang egter finansiering tot en met 'n perk wat NSFAS jaarliks bepaal. Die perk vir 2020 is R93 400. Toe NSFAS instellings se registrasiedata vir 2020 verwerk, het verskeie studente wat aan die finansieringsperk onderworpe is nog onbetaalde saldo's gehad. Instellings is gevolglik versoek om volle verskuldigde toelaes aan hierdie kategorie studente te betaal, aangesien onbetaalde saldo's deur die gepubliseerde proses vir historiese skuld verhaal kan word.

#### NSFAS- (DHOO-beurs-)kontantvloei:

US-studente het teen Mei vanjaar bykans R60 miljoen meer van NSFAS ontvang as in dieselfde stadium verlede jaar (R226 miljoen in 2020 vs R166 miljoen in 2019). Hierdie bedrag was vorige jare selfs laer, soos die grafiek hiernaas toon.



Flinker uitbetaling aan gefinansierde studente is deels te danke aan verbeteringe by NSFAS, maar is ook danksy die Sentrum vir Voorgraadse Beurse en Lenings se aktiewe bestuur van ons NSFAS-gefinansierde portefeulje, sowel as deurlopende skakeling met die skema.

**Jongste samevatting van NSFAS-finansiering:** Die volgende tabel bied 'n samevatting van NSFAS-finansiering van 2017 tot 2020, sowel as van die getal studente wat oor dié tydperk gefinansier is. Dit dui ook die geskatte uitstaande bedrae aan.

	2017	2018	2019	2020
Getal studente gefinansier*	1 672	2 716	3 242	4 029
Bedrag ontvang	R117 m	R191 m	R305 m	R226 m
Geskatte uitstaande bedrag	R0,26 m	R4 m	R9 m	R217 m

*\* Party studente wat vir 2018 en 2019 vir NSFAS-finansiering in aanmerking gekom het, het nog nie hulle finansiering ontvang nie. Die lys vir 2020 is nog nie afgehandel nie, so die getal gefinansierde studente kan nog effens toeneem.*

#### Ikusasa-finansiële hulpprogram vir studente (ISFAP)

Die landwye inperking en opskorting van kampusaktiwiteite by alle universiteite, waaronder die US, het verskeie uitdagings opgelewer wat die voorsiening van **omvattende steun** aan ISFAP-studente betref. Nietemin het dit ook 'n geleentheid geskep om anders en kreatief te dink.

Steun het aanvanklik om praktiese kwessies en studente se onmiddellike behoeftes gedraai. Die eerste stap was om te bepaal waar studente hulleself bevind en of hulle internettoegang en werkende skootrekenaars het. Ander praktiese maatreëls was om koshuisstudente se kostoelaes in kontantuitbetalings om te skakel en toestelle op 'n leningsgrondslag aan studente beskikbaar te stel.

Die steunaanbod word steeds op 'n individuele grondslag sowel as deur groepsessies gelewer. Die klem val veral daarop om met kwesbare studente in verbinding te bly en toepaslike verwysings te

verseker. Samewerking tussen interne belanghebbendes is nou belangriker as ooit vantevore om studente op 'n gepaste wyse en op verskillende vlakke te ondersteun.

## 2.6 Gesamentlike werkgroepe teen geslagsgebaseerde geweld

Ná die landwye optogte teen geslagsgebaseerde geweld en vrouemoord in 2019 het die beweging teen geslagsgebaseerde geweld by die US 'n optog op ons Stellenboschkampus gehou. Dit het uitgeloop op die oorhandiging van 'n memorandum aan die Rektooraat op 9 September 2019.

Die instelling het 'n week later amptelik daarop geantwoord. As deel van die Universiteit se reaksie, is **ses gesamentlike werkgroepe** geskep om sistemies op te tree om geslagsgebaseerde geweld uit te roei en die kwessies in die memorandum sowel as in die US-bestuur se antwoord te hanteer.

Elk van die ses werkgroepe staan onder toesig van 'n Rektooraatslid en bestaan uit verteenwoordigers van Universiteitstrukture wat met die onderwerpe onder bespreking gemoed is, sowel as lede van die studentegemeenskap. Die werkgroepe doen verslag aan die Rektooraat, deur die senior direkteur van Studentesake, **dr Choice Makhetha**.

Die onderskeie groepe se werk handel oor (1) waardes en beginsels, (2) prosedures en prosesse, (3) koshuise en strukture, (4) geesgesgesondheid en alkohol- en middelmisbruik, (5) opleiding en bewusmaking, en (6) veiligheid en sekuriteit. Die groepe het opdrag ontvang om die kwessies te ondersoek en aan te dui hoe dit die Universiteitsgemeenskap nadelig raak wat geslagsgebaseerde geweld betref. Hulle is ook versoek om spesifieke en implementeerbare **aanbevelings** te doen wat met lynfunksies verband hou.

Die werkgroepe het **inligting ingesamel** deur vergaderings en gespreksforums op Stellenbosch- en Tygerbergkampus te hou en vraelyste te versprei. Die proses is ook uitgebrei deur koshuis- en privaat studente te nooi om deur middel van 'n aanlyn kwalitatiewe vraelys skriftelike kommentaar aan die werkgroepvoorsitters te voorsien.

'n **Konsepverslag** is opgestel wat die kwessies uiteensit wat gedurende vergaderings, gespreksforums en in skriftelike voorleggings geopper is, sowel as die eise in die memorandum van die beweging teen geslagsgebaseerde geweld. Die konsepverslag is op 4 Augustus deur die **Rektooraat** oorweeg, en die Rektooraat het onderneem om teen 12 Augustus skriftelike terugvoer te bied. 'n Volgende konsep van die verslag sal na verwagting weer voor die Rektooraat dien.

Ek sluit my graag by dr Makhetha aan deur **dankie** te sê aan alle personeellede en studente wat in die werkgroepe dien. Hierdie stryd is **nie** een wat **enige groep op sy eie** of afsonderlik van ander kan stry nie. Ons is daartoe verbind om met al ons studente saam te werk om die institusionele pogings teen geslagsgebaseerde geweld te versterk en onaanvaarbare gedrag en praktyke uit te roei.

## 2.7 Beweerde voorval van geslagsgebaseerde geweld op Tygerbergkampus

Ons bly ten volle verbind tot al ons personeellede en studente se sukses en welstand. Juis daarom is dit kommerwekkend as dinge skeefloop – soos wanneer geslagsgeweld voorkom. Dit kan nie geduld word nie, en ons sal nie skroom om ferm op te tree nie.

Die beweerde aanranding van 'n vrouestudent deur 'n manstudent in die vroeë ure van Saterdag 4 Julie op ons Tygerbergkampus ontvang **dringende aandag**. Die manstudent is op Sondag 5 Julie tydelik geskors in afwagting van 'n dissiplinêre verhoor. Die prosesse in ons [Dissiplinêre Kode vir Studente](#) word noukeurig gevolg.

Die Universiteit het gereageer op die **Tygerbergstudenteraad** se memorandum met eise in verband met die voorval en die Universiteit se daaropvolgende optrede. Die **Kommissie op Geslagsgelykheid** het ook navraag gedoen oor die saak, en het versoek dat ons hulle van die uitslag van die dissiplinêre ondersoek en verhoor in kennis stel.

Ons is vasberade om **geregtigheid** vir die betrokke partye te laat geskied. Soos dr Choice Maketha, senior direkteur van Studentesake, in 'n kommunikasie aan die Universiteitsgemeenskap ([hier](#) en [hier](#)) gesê het, heroorweeg ons voortdurend die maniere waarop ons op dringende aangeleenthede reageer. Ook hiêrdie voorval het ons geleer hoe ons die Universiteit se **prosesse kan verbeter**.

## 2.8 Studenteberading

Ons Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) het in die verslagtydperk 'n **styging** in die vraag na individuele en groepsessies vir berading en terapie beleef, sowel as 'n toename in die erns van die kwessies waarmee studente sukkel.

Die aanlyn groepe wat SSVO geskep het om in die vraag te help voorsien, word goed benut. Die Sentrum bied tans elke week 12 groepe vir depressie en angssteurings aan, en een vir sterfte- en rousteun. Groepe vir middelmisbruik, eetsteurings en LGBTIQ+-kwessies begin binnekort.

## 2.9 Ko-kurrikulêre erkenning

Sedert dit in 2017 tot stand gebring is, het ons Ko-kurrikulumkantoor goeie vordering gemaak om ervaringsopvoeders hulle modules te help ontwerp en prosesse te ontwikkel om aansoek te doen om formele erkenning, wat 'n vereiste is om ko-kurrikulêre aktiwiteite by studente se **akademiese transkrip** in te sluit.

Die US het tans **22 ervaringsleergeleenthede** tot studente se beskikking. Dit word erken deur die Ko-kurrikulumerkenningskomitee (KEK) ingevolge die [Reglement vir Ko-kurrikulêre Erkenning](#).

Die erkenningsproses sluit nou ook 'n **hernuwingsfase** in. Dít skep 'n geleentheid vir ervaringsopvoeders om die gehalte van hulle aanbiedinge te verbeter. Erkenning word vir siklusse van twee jaar verleen, waarna opvoeders opnuut moet aansoek doen. Die KEK het by sy vergadering in Junie die hernuwing van vyf ervaringsonderwysmodules oorweeg. Dít was die KEK se eerste aanlyn vergadering vir die jaar.

## 2.10 Virtuele loopbaanskoue

Weens COVID-19 moes ons Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste vanjaar se aflewering van die loopbaanskoue wat hulle elke jaar op ons kampusse reël, kanselleer. Nietemin het dít hulle nie gekeer om ondersoek in te stel na nuwe maniere om skakelgeleenthede tussen studente en werkgewers te skep nie.

Die Eenheid het aangesluit by die Suid-Afrikaanse werkgewersvereniging vir die indiensneming van gegradueerdes sodat ons studente op 21 en 29 Julie sowel as op 13 Augustus aan dié organisasie se [VirtualGradExpo](#) kon deelneem. Sodra studente geregistreer het, kon hulle op loopbaanskoudae regstreeks aanlyn met werkgewers gesels.

## 2.11 Die US in nasionale studentepeiling

Sowat **82% van US-studente is tevrede met hul instelling**, vergeleke met 'n gemiddelde van 75% van studente landwyd. Dít is een van die bevindinge van die jongste jaarlikse Suid-Afrikaanse studentepeiling deur Univesum, 'n internasionale werkgewershandelsmerkorganisasie wat navorsing onderneem oor studente se loopbaanverwagtinge en -voorkeure in meer as 60 markte, waaronder Suid-Afrika. Van die 54 162 studente in Suid-Afrika wat die opname vroeër vanjaar voltooi het, was 3 308 van die US.

Ondanks ooreenkomste in sekere loopbaanverwagtinge, het die opname ook merkbare verskille tussen US-studente en hulle eweknieë aan ander universiteite in Suid-Afrika aan die lig gebring. Bykans die helfte van US-studente het aangedui dat hulle graag vir 'n **internasionale** maatskappy of organisasie sal wil werk, terwyl slegs 31% van studente landwyd oënskynlik in 'n internasionale loopbaan belang stel. Boonop het meer US-studente bevestig dat hulle met alumni in aanraking is.

Daarbenewens het die opname getoon dat die Universiteit se plek op **ranglyste** die belangrikste faktor was in studente se besluit om by die US aansoek te doen, gevolg deur die invloed van familieledede, sowel as van studente of alumni van die Universiteit. US-respondente het “aantreklike ligging”, “’n goeie verwysing vir ’n toekomstige loopbaan” en “hoë gehalte van programme” uitgelig as die topkenmerke wat hulle met die Universiteit verbind.


Daar is egter ruimte vir verbetering aangesien 41% van ons studente wat die opname voltooi het onbewus was daarvan dat die US loopbaandienste lewer. Die Eenheid vir Graduandi-loopbaandienste in ons Sentrum vir Studentevoorrilting en -ontwikkeling beplan om hiervan werk te maak deur nuwelinge meer pasgemaakte loopbaandienste te bied, en deur US-studente aan te moedig om veel vroeër met hulle loopbaanreis te begin.

## 2.12 SR vir 2020/21 verkies

Die verkiesing van ons Studenteraad (SR) vir die termyn 2020/21 is in die eerste week van September suksesvol afgehandel met die aankondiging van die pas verkose voorsitter en ondervoorsitter.



**Xola Njengele**, ’n nagraadse student in die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe, is deur die lede van die nuwe SR ([klik hier](#) vir almal se name) tot voorsitter verkies. Njengele het ook in die uittredende SR as voorsitter van die Akademiese Belangeraad gedien. **Kira Alberts**, ’n finalejaarstudent in BA Internasionale Studies, is tot ondervoorsitter verkies.



Weens die gevaar van COVID-19 het die SR-verkiesing vir 2020/21 vir die eerste keer ten volle **aanlyn** plaasgevind. Altesaam 3 543 studente het in vanjaar se kampusleiersverkiesing gestem, wat die tweede hoogste **kieserstal** die afgelope vyf jaar is (4 100 stemme is in die verkiesing van 2018 uitgebring). Met 20 studente wat hulle verkiesbaar gestel het, het die verkiesing ook die hoogste getal kandidate die afgelope paar jaar opgelewer. Sowat 348 studente het ingeskakel vir die aanlyn koususse, waar kandidate hulle missieverklarings gelewer en aan robuuste gesprekke deelgeneem het. Die nuwe SR se termyn begin op 21 September, wanneer die **vierde kwartaal** ’n aanvang neem.

## TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#): “As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As ’n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk** met **belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid.”

### 3.1 Internasionale vennootskapsontwikkeling

’n Virtuele afvaardigingsbesoek het op 30 Junie 2020 tussen die US en die Universiteit van **Groningen** in Nederland plaasgevind om ’n strategiese gesamentlike PhD-inisiatief verder te ontwikkel, en om maatreëls te bespreek om op dié twee instellings se bestaande samewerking op die gebied van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe voort te bou. Finansieringsmeganismes

sal gesamentlik ontwikkel word, met 'n daadwerklike poging om kandidate op grond van bestaande navorsingsamewerking te identifiseer.

US Internasionaal en die Afdeling Navorsingsontwikkeling het op 13, 20 en 27 Mei aan 'n aanlyn netwerkkonferensie met die Universiteit van **Hamburg** in Duitsland deelgeneem. Verskeie aanlyn vergaderings is ook met senior verteenwoordigers van **Northwestern**-universiteit in die Verenigde State gehou om virtuele studente-uitruilprogramme te ontwikkel en navorsingsamewerking op die terrein van globale gesondheid en datawetenskap aan te voor.

### 3.2 Afrikadag

Die US het op 25 Mei weer aan die jaarlikse Afrikadagvieringe deelgeneem, ofskoon dit vanjaar aanlyn moes gebeur. Afrikadag herdenk die stigting van die Organisasie vir Afrika-eenheid (deesdae die Afrika-unie) op 25 Mei 1963. Dit word in verskeie lande op die Afrikavasteland én elders ter wêreld gevier. Die dag het begin met 'n [boodskap](#) van prof Hester Klopper, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, aan die US se Afrikaplatformgemeenskap, wat die aandag gevestig het op van die US se samewerkingsprojekte met ander Afrikavennote in reaksie op die COVID-19-pandemie. **Sien haar verslag** vir meer besonderhede.

### 3.3 Mandeladag

Matie Gemeenskapsdiens (MGD) het **drie aanlyn geleenthede** gereël ter viering van Mandeladag, wat jaarliks op 18 Julie, wyle president Nelson Mandela se verjaardag, gedenk word. Die eerste geleentheid, op 17 Julie, was 'n 67 minute lange gesprek oor personeelwelstand gedurende en ná COVID-19. Daarna het geleenthede vir studente op 29 en 31 Julie gevolg. Personeel en studente het die geleentheid gekry om na te dink oor meganismes om in dié tyd van ongekende onsekerheid kop te hou. Deelnemers is ook genooi om mekaar van hulle ervarings te vertel en raad te gee.

### 3.4 Aanlyn ACU-US-konferensie oor “Kuns in vrede en versoening”

Die US het van 9 tot 12 Junie as medegasheer opgetree vir die internasionale konferensie getiteld “Kuns in vrede en versoening: 'n Transnasionale perspektief” in samewerking met die [Vereniging van Statebondsuniversiteite \(“ACU”\)](#). Die geleentheid sou aanvanklik op die US se Stellenboschkampus plaasvind, maar is weens COVID-19 na die kuberruim verskuif. Die konferensie was die eerste aktiwiteit van die nuwe [Statebondsnetwerk vir Vrede en Versoening](#), waarvan ek bevoorreg is om as **voorsitter** op te tree. Die netwerk beoog om diegene wat in vrede en versoening belang stel te verbind en te ondersteun, samewerking te fasiliteer, en by mekaar te leer oor benaderings tot waarheidverkundiging en versoening in die samelewing in die algemeen en by universiteite in die besonder. **Prof Pumla Gobodo-Madikizela**, bekleër van die SARChI-leerstoel in gewelddadige geskiedenis en transgenerasietrauma by die US, was die dryfkrag agter die konferensie. Haar aanbieding het ondersoek ingestel na “herstellende humanisme” en die belangrike rol wat dit speel in hoe mense aansluiting vind by, en empatie toon met, mekaar se trauma. [Klik hier](#) vir meer inligting oor die konferensieprogram, onderwerpe en sprekers.

### 3.5 US Woordfees, WOW en US Koor

**Woordfees:** Weens die onsekerheid oor die duur en nadraai van die COVID-19-pandemie moes Woordfeespersoneel noodgedwonge verskeie scenario's vir die Toyota US Woordfees van 2021 begin oorweeg. Dít sluit in:

- om die huidige feesmodel te behou met 'n paar aanpassings en verbeteringe;
- om die fees vir gehore van minder as 50 of 100 mense per vertoning te beplan;
- om die fees aanlyn aan te bied;
- 'n hibriediese opsie ('n kombinasie van kleiner fisiese gehore en aanlyn aanbieding); en
- om die feesdatums te verskuif.



Ons hoop om spoedig meer duidelikheid te hê. Die Woordfees bly daartoe verbind om 'n uitmuntende fees aan te bied sonder om die veiligheid van kunstenaars, feesgangers en die groter gemeenskap in gevaar te stel.

Intussen het die Woordfees 'n stigtersvennoot geword van die nuwe **Tribuo-kunstenaarsbystandsfonds**. Die fonds beoog om finansiële steun te bied aan uitvoerende kunstenaars en ander, relevante werkers in die kreatiewe bedryf wie se inkomste weens die COVID-19-inperking hetsy opgedroog of drasties verminder het.

**WOW (Woorde Open Wêreld):** Dit is onwaarskynlik dat die Sanlam WOW-spelfees vanjaar in sy huidige formaat sal voortgaan. Alternatiewe maniere om ten minste 'n gedeelte van die spelfees aanlyn aan te bied word tans ondersoek. 'n Spesiale plakkaatprojek met 'n woordelys en spelreëls sal onder 100 skole versprei word. WOW sal 'n aanlyn winterskool hou om graad 12-leerders vir die matriekeindeksamen te help voorberei. In samewerking met die Wes-Kaapse onderwysdepartement sal WOW ook aanlyn leeskringe en boekklubs aanbied. Die tradisionele minikunsteffees by skole sal vervang word met beeldmateriaal van leerders wat monoloë of gedigte voordra.

**US Koor:** Die wêreldwye COVID-19-pandemie en die daaropvolgende verbod op internasionale reis en groot geleenthede het ook die internasionale musiekwedstryd van **Llangollen** in Wallis genoop om hulle byeenkoms vir 2020 af te stel. Tog het hulle die wedstryd na die kuberruim verskuif, waar die room van die beste uitvoerings oor die afgelope 25 jaar aangebied is, onder meer die US Koor se [uitvoering by die geleentheid van 2018](#). Kykers kon vir hulle gunstelingkooruitvoering stem en die US Koor het weereens koning gekraai in die kategorie vir gemengde kore.

### 3.6 Transformerende aanlyn gesprekke

Die [Transformasiekantoor](#) het in die verslagtydperk die volgende paneelbesprekings aanlyn aangebied:

- “Hoe raak COVID-19 Suid-Afrikaners ekonomies, en wat is die psigososiale uitwerking van tuiswerkreëlings? Insigte oor die formele en informele markte, en gevolge vir huishoudings”. Paneellede het ingesluit dr Kholekile Malindi en dr Dineo Seabe van die US se Departement Ekonomie, en mnr Bantu Louw van US Internasionaal. Die gesprekleier was die programkoördineerder van ons Transformasiekantoor, me Babalwa Gusha.
- “Uitdagings in toegang tot hoër onderwys vir studente gedurende COVID-19: 'n Gesprek ter herinnering aan die nalatenskap van 16 Junie 1976 vir die studente-ervaring in Suid-Afrika”. Me Gusha het weer as fasiliteerder opgetree en die gasspreker was dr Mlamuli Hlatshwayo van die Universiteit van KwaZulu-Natal. Ander paneellede – onder meer studente – het van die Universiteit van Kaapstad en die US gekom.
- 'n Dialoog oor #BlackLivesMatter. Deelnemers aan hierdie geleentheid was prof Nico Koopman, Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel; prof Nadine Bowers Du-Toit van ons Fakulteit Teologie, Jeff Ngobeni van die SR, dr Kim Wale van Studies oor Historiese Trauma en Transformasie, en [me Katlego Letlonkane](#), wat onlangs as vermoëbouprogrambestuurder in ons Afdeling Menslike Hulpbronne se [Kantoor vir Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering](#) aangestel is.

### 3.7 Alumni- en skenkerskaking gedurende die inperking

Ons Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB) konsentreer sedert die aanvang van COVID-19 daarop om inligting oor ons reaksie op die pandemie en ons hantering van die vele onsekerhede in dié tyd aan ons alumni, skenkers en vriende oor te dra.

Meer as 800 individue het deur verskillende kanale toegang tot OAB se **skenkernuusbriefe** [Izandla Ziyahlambani](#) en [Phambili](#) bekom. Hierdie nuusbriewe bied omvattende inligting oor hoe ons skenkers se getroue en ruim ondersteuning 'n verskil maak.

OAB se **sosialemediakanale** was deurslaggewend die afgelope tyd. Dit word deurlopend gebruik om alumni, skenkers en personelede se verhale aanlyn te vertel en hulle bydraes ten toon te stel. Alle benuttingsaanwysers vir ons sosialemediakanale het in die tweede kwartaal 'n opwaartse tendens getoon. Die kanale het almal sterk groei beleef.

Die US se verskuiwing na die kuberruim het OAB 'n geleentheid gebied om hierdie aspek van sy uitreikwerk op 'n toegespitste en samewerkende manier te ontwikkel. Trouens, die Afdeling beoog om in 2021 en verder 'n hibriediese skakelingsmodel te volg, d.w.s. 'n kombinasie van persoonlike en aanlyn geleenthede.

In April het OAB die alumnus, avonturier en ontdekkingsreisiger **Mike Horn** van Switserland as aanlyn gas gehad. In Mei was die Alumnibetrekkinge-span "in gesprek" met alumnus **Stephan du Toit**, hoof van atletiekprestasie by Stade Français Paris. En in Junie het **prof Stan du Plessis** oor die ekonomiese en hoëronderwysimplikasies van COVID-19 gesels.

Daarna het die span behoorlik vaart gekry. In Julie het hulle 'n aanlyn etensuurkonsert uit Londen met die bekende konsertpianis en alumnus **Niel du Preez** aangebied, 'n aanlyn praatjie deur **prof Renata Schoeman**, hoof van die MBA-program in Gesondheidsorgleierskap by USB, en 'n gesprek met alumna **Lauren Stewart Tack**, die stigter van die aanlyn platform Invigorate.

**Dr Nicol van Dyk** het gesels oor beseringsvoorkoming in beroepsport. Die grootste aanlyn praatjie was deur afrigter **Rassie Erasmus**, wat die Springbokke verlede jaar in Tokio na hulle derde Wêreldbekerrugbyoorwinning gelei het. Meer as 1 500 alumni het vir dié praatjie ingeskakel.

OAB het boonop met ander afdelings saamgewerk om aanlyn skakelgeleentheid aan te bied. 'n Webinaar is op 11 Junie in samewerking met die **Wetenskapkafee** van die Fakulteit Natuurwetenskappe en **SACEMA** (die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modelling en Analise) aangebied. **Prof Juliet Pulliam** het alumni, skenkers, maatskappye en vriende van die US 'n agter-die-skerms-blik gebied op die ontwikkeling van die vroeë modelle wat gebruik is om die progressie van die COVID-19-pandemie in Suid-Afrika te verstaan.

OAB het ook op 28 Julie 'n aanlyn geleentheid oor die bou van vertroue en demokratiese besluitneming in die voedselstelsel in 'n krisisgeteisterde wêreld aangebied. Die sessie, 'n samewerkingsprojek met die **Suider-Afrikaanse Voedsellaboratorium** in die Fakulteit AgriWetenskappe, is gelei deur **dr Tsakani Ngomane**, 'n lid van die US Raad en die adjunkdirekteur-generaal vir klimaatsverandering, luggehalte en volhoubaarheidsontwikkeling in die nasionale Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye. Die paneellede was **prof Thuli Madonsela**, bekleër van die leerstoel in sosiale geregtigheid in ons Fakulteit Regsgeleerdheid, en **mnr Kevin O'Brien**, die groepbestuurder van volhoubaarheid en risiko by die SPAR Groep Bpk. Die 119 gaste, van wie die helfte alumni, skenkers en vriende van die US was, het bedryfsvennote, die plaaslike en nasionale regeringsfeer, stigtings, nieregeringsorganisasies, ander hoëronderwysinstellings sowel as konsultasiesake verteenwoordig.

OAB het op 25 Junie sy **Alumnibetrekkinge-fakulteitsforum** aanlyn aangebied, en sal nog verder met fakulteitsverteenvoordigers oor die US se **alumniskakelingskalender vir 2021** in gesprek tree.

OAB het goed gevorder met die identifisering en stroomlyning van US-skenkerskringe vir individue, en sal in die derde kwartaal dieselfde met betrekking tot korporatiewe skenkerskringe doen. Hulle beplan ook om 'n aanbod vir **voogdyskap** van die verskillende kategorieë US-skenkers te ontwikkel.

### 3.8 Rektor-Burgemeester-forum

Die tweede Rektor-Burgemeester-forum vir die jaar het op 20 Augustus plaasgevind, dié keer aanlyn weens COVID-19. Daar is verslag gedoen oor goeie samewerking tussen Stellenbosch Munisipaliteit en die Universiteit, nie net op die gewone gebiede van gemeenskaplike belang nie, maar ook veral in reaksie op die bedreiging wat die koronavirus inhou.



Die munisipaliteit en die US was stigtersvennote in [#StellenboschUnite](#), 'n samewerkende bystandsaaksie wat kwesbare gemeenskapslede gedurende die pandemie ondersteun. Meer as 33 000 kospakkies is versprei en bykans 100 000 liter sop voorsien aan diegene wat bystand nodig gehad het. Dit was merkwaardig om te sien hoe Stellenbossers saamstaan om die kwesbaarste lede van ons gemeenskap te help.

Die US se Kampusgesondheidsdiens het die munisipaliteit van professionele advies voorsien en met COVID-19-sifting gehelp. En die Stellenbosch Netwerk, met Innovus as stigterslid, plus ons LaunchLab het ook die Munisipaliteit bygestaan met 'n webinaar oor die impak van die pandemie en inperking op die plaaslike ekonomie.

## TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) behels hierdie kern strategiese tema die volgende: “Die US pak hiermee 'n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die US bevorder 'n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as 'n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne 'n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hul eie leer betrek.

“Die Universiteit het ook 'n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind. Hierdie benaderings rig die Universiteit as 'n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep 'n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde 'n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke.”

### 4.1 Steun vir e-leer gedurende COVID-19

Soos ek laas verslag gedoen het, het die Afdeling Leer- en Onderrigverryking 'n subkomitee tot stand gebring om die nodige steun te koördineer toe dit vroeër vanjaar duidelik word dat kontakonderrig weens die COVID-19-inperking opgeskort sou word, en die US daarna binne rekordtyd na noodafstandsonderrig, -leer en -assessering oorgeskakel het.

Hierdie struktuur is bekend as die **Bedryfsvoortsettingsubkomitee oor Aanlyn Leer en Assessering**. Dit bestaan uit verteenwoordigers van die sentrums vir Onderrig en Leer (SOL), Leertegnologieë (SLT), Akademiese Beplanning en Gehalteversekering, die Taalsentrum, die Afdeling IT, die Biblioteek- en Inligtingsdiens, US Internasionaal, sowel as die gemengdeleerkoördineerders (GLK's) in fakulteite, 'n visedekaan en studenteverteenwoordigers.

Die komitee vergader weekliks (aanlyn) om kwessies met betrekking tot tegnologieplatforms en steun vir dosente, tutors en studente te bespreek. Dit het 'n kernrol vervul in die Universiteit se **suksesvolle voltooiing van die tweede kwartaal** – onder meer ons **heel eerste rondte ten volle aanlyn assesserings**. Ook het die komitee die grondslag gelê vir die voortsetting van die akademiese projek in die tweede semester, wat op 27 Julie begin het, aangesien die meeste leer en onderrig steeds aanlyn sal geskied, selfs al het ons tot en met 33% van ons studente teruggenooi kampus toe.

Belangrike steuninisiatiewe vir aanlyn leer in die verslagtydperk word hieronder uitgelig.

#### Dosentesteun

Die SOL en SLT het hulle gesamentlike **webinaaraanbod** voortgesit en tussen 23 Junie en 10 Julie elf sulke geleenthede aangebied. Sommige daarvan het die “omgekeerde klaskamer”-model gebruik en party het akademiese 'n geleentheid gebied om oor hulle ervarings te praat. Die webinar het steeds groot belangstelling gelok en daar was meer as 1 000 deelnames deur dosente (**sien ook 1.1**).

Voorbereiding vir die tweede semester was gegrond op die resultate van 'n vraelys wat versprei is onder alle personeel wat webinarre in die eerste semester bygewoon het. Onderwerpe wat met die oog op die tweede semester behandel is, sluit in:

- die ontwerp van leer, onderrig en assessering vir noodafstandsonderrig;
- voorbereiding vir aanlyn leer en assessering;
- tuisassesseringe en akademiese integriteit;
- studentebetrokkenheid;
- vasvra-instrumente en aanlyn puntetoekenning; en
- SUNLearn-senario's en datakwessies.

Alle webinarre word opgeneem en op die SUNLearn-dosentesteunblad geplaas, waar alle US-personelede toegang het tot die opnames, handleidings en ander hulpbronne om hulle met noodafstandsonderrig by te staan. Die [COVID-19-blad](#) op die US-webtuiste bevat ook 'n steunblad, "[Aanlyn onderrig vir dosente](#)".

Leer- en Onderrigverryking het boonop 'n **geïntegreerde naslaan- en steundokument** geskep met die oog daarop om dosente hulle weg in die huidige aanlyn landskap te help vind. Die dokument is gegrond op die DeLTA-raamwerk vir die ontwerp van leer, onderrig en assessering, en bied 'n voorgestelde benadering tot onderrig in die huidige omstandighede sowel as daarna.

Verskeie hulpbronne met **assesseringsadvies** is eweneens in 'n enkele gids saamgevoeg. Die dokument dek sowel tegniese as konseptuele elemente van aanlyn assessering sonder toesig.

## Tutors

Om tutors vir ten volle aanlyn fasilitering en assesseringstake te help voorberei, het die SOL- en SLT-adviseurs 'n **SUNLearn-gebaseerde tutoropleidingskursus** ontwikkel. Dit rus tutors nie net toe met tegniese en pedagogiese vaardighede nie, maar bied ook inligting oor holistiese en emosionele steunmeganismes tot hulle beskikking.

Die kursus bied algemene grondslagmateriaal, maar beklemtoon veral **aanlyn fasilitering**. Dit bestaan uit aanlyn hulpbronne en eietempo- formatiewe leeraktiwiteite wat nie langer as 'n dag behoort te duur om deur te werk nie. Baie departemente het die voltooiing van hierdie kursus verpligtend gemaak vir alle tutors.

'n Gereedskapstel met webinaaropnames, tegniese handleidings en ander materiaal word tans ontwikkel, en sal ook aan tutors beskikbaar gestel word. Dit kom na 'n **opname** in Junie wat daarop uit was om tutors se rolle en verantwoordelikhede gedurende noodafstandsonderrig te bepaal. 'n Verdere doel was om tutors se direkte terugvoer oor hulle kwessies en behoeftes te bekom. Altesaam 452 tutors in agt fakulteite het die opname voltooi. Die bevindinge word nou in 'n gebruikervriendelike vorm saamgevat, en sal gebruik word om tutoropleiding en psigososiale steun uit te brei en fakulteite op uitdagings in hulle omgewings attent te maak.

## Aanlynleer-en-onderrigsteun vir studente

'n US-wye SharePoint-[blad](#) met aflaaibare dokumente oor suksesvolle aanlyn leer vir studente is sedert April op die Universiteit se webtuiste beskikbaar. Hierdie dokumente is intussen ook oorgeplaas na 'n **SUNLearn-studentesteunblad** om gratis toegang moontlik te maak. Die SUNLearn-blad is ontwerp as 'n metakursus ('n tipe sambreelkursus wat uit verskeie kleiner kursusse bestaan) om groot getalle studente te kan hanteer. Gemengdeleerkoördineerders en die Akademiese Belangeraad is versoek om infografika te versprei om studente van die blad in kennis te stel én aan te moedig om te selfregistreer. Die kursushulpbronne sal ook op grond van terugvoer en na gelang van vereiste aangepas word.

Die SUNLearn-metakursus handel oor die volgende vyf hoofemas:

- Beplanning vir aanlyn leer
- Verdere wenke vir aanlyn leer
- Aanlyn assessering
- Tegnologiese oorwegings
- Steun vir aanlyn leer

### Steun vir aanlyn eksamens

Die Afdeling IT, SLT, Roosterkantoor en gemengdeleerkoördineerders (GLK's) was onder diegene wat binne 'n baie kort tyd 'n uitsonderlike poging aangewend het om te sorg dat die halfjaareksamens ondanks die inperking kon voortgaan. Hulle werk het die US in staat gestel om vinnig van hoofsaaklik papiergebaseerde na ten volle aanlyn assesserings oor te skakel.

Vorbereidings het die volgende ingesluit:

- Die vestiging van 'n uitgebreide SLT-bystandspan vir studente en dosente om die groter volume steunversoeke te hanteer
- Die verlenging van bystandsure
- Die opleiding van dosente en steunpersoneel
- Die ontwikkeling van opleiding- en inligtingsdokumente oor aanlyn eksamens
- Die hersiening van die eksamenrooster om assesserings 15 minute uitmekaar te laat begin ten einde die las op die stelsel uit te spreid
- Die toestaan van 30 minute se ekstra eksamenindieningstyd om vir enige moontlike tegnologiefoute voorsiening te maak
- Die opknapping van SUNLearn-infrastruktuur om die swaarder las te hanteer
- Die ontwikkeling van 'n Outlook-kalender met eksamentye ter inligting, om steun te koördineer, en om die las op die stelsel te voorspel
- Reëlins vir skootrekenaars en mobiele data vir studente

Ons is ook besonder **dankbaar teenoor ons dosente**, wat hulle kursusse en assesserings in rekordtyd na noodafstandsonderrig moes omskakel. Baie personeellede het die **reses** ná die eerste kwartaal **opgeoffer** om vir die oorskakeling na aanlyn onderrig voor te berei.

Die eksamens het **betreklik vlot** verloop, met **enkele uitsonderings**. SUNLearn het by drie geleenthede (op 16 en 20 Mei, en weer op 15 Junie) baie skerp stygings in die las op die stelsel ervaar. Hierdie stygings was so skielik dat dit onmoontlik was om dit vroeg genoeg op te spoor om proaktief op te tree. Die voorlopige bevindinge was dat dit veroorsaak is deur die suboptimale opstelling van SUNLearn-assesserings. Hierdie bevindinge is gevolglik gebruik om die riglyne vir aanlyn assesserings te verbeter.

Studente het soms gesukkel om op SUNLearn aan te meld. Die bystandspanne en steundokumente het tydelike oplossings gebied, maar 'n permanente oplossing is sedertdien ontwikkel.

Daarbenewens het sommige studente gesukkel om hulle assesserings in te dien. Hoewel die 30 minute se ekstra tyd veronderstel was om vir enige sulke probleme voorsiening te maak, het studente dit ongelukkig in 'n paar gevalle as skryftyd misbruik, en dan op die nippertjie gesukkel om hulle assesserings in te dien.

Daar is ook 'n paar aanduidings van bedrog gedurende die aanlyn eksamens. Dit moet verder ondersoek word.

Verskeie veranderinge moes aangebring word aan die opstelling van eksamens op **SUNLearn**. Daar is heelwat lesse geleer oor metodes wat nie goed werk nie. Riglyne moes voortdurend bygewerk word namate stelseladministrateurs van problematiese praktyke bewus geword het.

**Steunpersoneel** het **onder kwaai druk** gewerk. Studente en selfs studente se ouers het die personeel by tye beledigings toegeslinger. Die steuninfrastruktuur en -spanne was nie altyd gereed

vir die geweldige hoeveelheid versoeke vir bystand nie. Die span is sedertdien uitgebrei, en die virtuele eksamenhulpkantoor het nou prioriteitstoue.

In die geheel het die Universiteit **sukcesvol** na noodafstandsonderrig oorgeskakel. Nietemin rus ons nie op ons louere nie, maar werk een stryk deur om prosesse en stelsels selfs verder te verbeter.

### Taalsteun vir studente en dosente

Die Universiteit raak stadig maar seker gewoon aan die “nuwe normaal” wat die koronaviruspandemie meegebring het. ’n Belangrike rolspeler in dié verband is ons [Taalsentrum](#), wat in die verslagtydperk hard gewerk het om sy kursusse en dienste aan te pas om [dosente](#) hulle onderrig na die kuberruim te help verskuif en [studente](#) met voortgesette taalsteun by te staan.

Hoewel gelyktydige tolking gedurende aanlyn lesings oor die algemeen nie haalbaar is nie, het die Taalsentrum dosente en studente bygestaan deur **lesingmateriaal** – hetsy PowerPoint-aanbiedings, SUNLearn-inhoud of podsendinge – in Afrikaans en Engels (én Xhosa, waar daar ’n pedagogiese behoefte bestaan) **te vertaal**.

Die Tolkdienste het tot dusver meer as 277 **audiovertalings van podsendinge** vir 25 modules in vyf fakulteite voorsien, wat studente in staat stel om in die veiligheid van hulle huise na studiemateriaal in Engels, Afrikaans (en soms ook Xhosa) te luister. Dosente is aangemoedig om hulle opnames betyds voor die tweede semester in te dien om die druk gedurende die kwartaal te verlig.

**Afstandsgebaretaaltolking** is steeds voorsien aan Dowe studente in die Fakulteit Opvoedkunde wat hulle lesings aanlyn volg. Voorafopgeneemde én regstreekse tolking moes voorsien word (waar internettoegang dit toegelaat het) en halfjaareksamens is aanlyn getolk.

Die Xhosa-dosente by die Taalsentrum werk boonop aan ’n **COVID-19-terminologielys**. Dit sal op die Sentrum se meertalige aanlyn [terminologieportaal](#) gepubliseer word.

### Akademiese geletterdheid

Ons Skryflab se gratis [skryfkonsultasies](#) word nou aanlyn via Skype en MS Teams aangebied. Altesaam 451 aanlyn konsultasies het van 1 April tot 30 Junie plaasgevind.

Die konsultasiekoördineerder en kantoorbestuurder bestuur besprekings vir eers met die hand terwyl die elektroniese besprekingstelsel aangepas en opgegradeer word.

Die Skryflab se aanlyn [skryfwerkessies](#) in Mei en Junie het 255 nagraadse deelnemers van ál tien ons fakulteite gelok.

Die [Leeslab](#) het op sy beurt met die Skryflab saamgewerk om twee aanlyn sinchrone sessies as deel van die werksessie “Hoe om ’n literatuuroorsig te skryf” aan te bied. Ondanks uitdagings met data en internetverbindings, het die meeste studente die kursusse suksesvol voltooi. Studenteterugvoer was besonder positief, wat op ’n gevoel van inskakeling by die onderskeie groepe dui.

Die eerste **aanlyn Skryfgeleentheid** vir Taalsentrum personeel en Skryflab konsultante het op 24 en 25 Junie plaasgevind. ’n Virtuele samewerkingsruimte is geskep waar navorsers aan skryfaktiwiteite kon deelneem en mekaar van hulle skryfuitdagings en -suksesse kon vertel.

Die Taalsentrum het in dié tyd veral op die voortgesette skepping van aanlyn inhoud en die oorplasing van kursusse na die SUNOnline- en SUNLearn-platforms gekonsentreer. Dosente het veerkragtigheid en kreatiwiteit aan die dag gelê om hulle nuwe onderrigomstandighede te hanteer.

Die Taalsentrumprogram **Intensive English** het suksesvol na aanlyn onderrig oorgeskakel. En die **Afrikaanse taal- en kultuurkursus** vir internasionale studente is ook na die kuberruim geskuif.

Uit ’n bestuursoogpunt het die portefeulje die nodige soepelheid getoon om benaderings aan te pas ten einde opvoeders en studente se welstand te verseker en hulle gemotiveer te hou.

Na oorweging van die opleidingsbehoefte het die Kommunikasielab die kurrikulum vir 'n nuwe kursus getiteld “**Doeltreffende kommunikasie in 'n digitale wêreld**” ontwikkel.

## Digitale welstand

'n Verdere vlak van dosente- en studentesteun is om bewustheid van **digitale welstand** te wek – veral in 'n tyd van verpligte aanlyn skakeling. Die sentrums vir Leertegnologieë (SLT) en Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) het saamgewerk aan 'n eietempo-leergids.

### 4.2 Ontwikkelings op die gebied van hibridiese leer

Me Miné de Klerk (MBA) het in Junie as **projekbestuurder** van hibridiese leer (HL) begin. Haar vorige ervaring as aanlynleeradviseur by die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) sal haar goed te pas kom in dié pos, waarin sy verantwoordelik sal wees om die doelwitte en mylpale van die US se HL-projek tussen 2020 en 2023 te bereik.

Fakulteite het tot Mei gehad om **finansieringsvoorstelle** vir die HL-ontwikkeling van programme of modules in te dien. Die HL-beheer Komitee het die voorstelle in Junie beoordeel en finansiering toegeken aan 'n aantal inisiatiewe wat met die oorhoofse doelwitte van die HL-projek strook. Dit sluit in die uitbreiding van die US se aanbod na nuwe kennismarkte, die werwing van internasionale studente, die ondersteuning van studentetoegang, die bevordering van tussenfakulteitsamewerking, en die voorsiening van 'n beter kans op akademiese sukses.

'n **Aantal aanbiedinge** word op grond van hierdie eerste rondte finansieringsvoorstelle **ontwikkel**:

- 'n nagraadse diploma in infeksiesiektes van die **Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe**, wat in vennootskap met Dokters Sonder Grense aangebied sal word (implementering: 2022);
- aanlyn modules van die Departement **Logistiek**, wat vir beroepslui in die invoer-/uitvoermark voorsiening sal maak (implementering: 2021);
- modules van fakulteite soos **Ingenieurswese** en **Natuurwetenskappe**, wat studente verdere geleentheid vir eietempo- aanlyn leer sal bied om hulle sukseskoers in modules met histories lae slaagsyfers te verbeter (implementering: 2021); en
- die ontwikkeling van leermateriaal vir 'n DHOO-goedgekeurde nagraadse diploma in strategiese **menslikehulpbronbestuur** (wat in 'n vroeër rondte van die US se Strategiese Fonds gefinansier is) (eerste studente-inname: 2021).

### 4.3 Internasionale studentemobiliteit gedurende COVID-19

**Uitwaarts:** US-studente se deelname aan tweedesemesteruitruilprogramme en somerskole in 2020 moes gekanselleer word weens die reisverbod met betrekking tot COVID-19. Studente word tans bygestaan om, waar dit moontlik is, hulle mobiliteitsgeleentheid na 2021 uit te stel. Baie van die fisiese somerprogramme is in aanlyn programme omgeskakel, en sommige US-studente het met die aanlyn weergawes voortgegaan. Wat US-studente in die buiteland betref, wag sommige op repatriasievlugte terug na Suid-Afrika, terwyl ander by hul gasheeruniversiteite aanbly.

**Inwaarts:** Die globale onderwysprogram van US Internasionaal se Global Education Centre bestaan uit verskeie kursusse wat met internasionale studente in gedagte ontwerp is. Hierdie kursusse sluit in die US se kredietdraende globale diensleerkursus. Soos met hoofstroomkursusse, moes US Internasionaal ook na aanlyn onderrig oorskakel. Dit is suksesvol gedoen, in pas met die prosesse en riglyne wat die US ingestel het.

Ten opsigte van die tweede semester van 2020, het US Internasionaal vennootuniversiteite en hulle studente wat by die US aansoek gedoen het, in kennis gestel dat hulle nie aan die begin van die derde kwartaal met fisiese klasse sal kan begin nie. Studente is die geleentheid gebied om hetsy hulle mobiliteitsgeleentheid na die eerste semester van 2021 uit te stel of met aanlyn klasse te begin. 'n Groot getal studente het besluit om tot volgende jaar met hulle uitruilgeleentheid te wag,

en 'n klein groepie het met aanlyn kursusse voortgegaan. Sommige studente het hulle besoek in die geheel gekanselleer. 'n Paar studente wat by die aanlyn kursusse aangesluit het, het belangstelling daarin uitgespreek om vir die vierde kwartaal Stellenbosch toe te kom, na gelang van COVID-19-regulasies oor internasionale reise. Om die aanlyn internasionale semesterstudente te ondersteun, is 'n aanlyn oriëntering- en verwelkomingsprogram gehou in die week voordat klasse begin het.

Die jaarlikse winterskool in Junie en Julie is gekanselleer. 'n Nuwe somerskool is vir Desember 2020 en Januarie 2021 ontwikkel, in die hoop dat die pandemie teen daardie tyd genoeg sou gestabiliseer het om hierdie mobiliteitsgeleentheid moontlik te maak. Dit is een van die programme wat vir die US 'n inkomste skep, wat beteken dit is ook van strategiese belang vir US Internasionaal.

US Internasionaal se African Centre for Scholarship (ACS) het sy programme vir die res van 2020 aanlyn verskuif. Die Sentrum het ook aanlyn kursusse ontwikkel ter aanvulling van die somer- en winterskole van die US se Afrika Doktorale Akademie (ADA) sowel as die ADA se gesamentlike skole wat in ander Afrikalande aangebied is. **Sien prof Klopper se verslag** vir meer besonderhede.

#### 4.4 Opleiding vir studentevrywilligers gaan voort in kuberruim

Ook Matie Gemeenskapsdiens (MGD) se werk geskied nou aanlyn. 'n Kohort van 32 studenteleiers wat vir die kursus **Bevorder Betrokke Burgerskap** geregistreer het, het op 30 April begin.

Die ontwikkelaars van dié kursus het die ervaringskomponent in 'n **aanlyn** beoordeling van verskillende gemeenskapsorganisasies se COVID-19-reaksieplanne omskep. Sodoende kan deelnemers die doelstellings van die kursus bereik, en terselfdertyd steeds aan waardevolle leergeleenthede deelneem, ondanks die huidige ongewone omstandighede.

#### 4.5 Kursusleeslystelsel

Die Biblioteek- en Inligtingsdiens het 'n toekenning uit die Strategiese Fonds bekom om die **Leganto-kursusleeslystelsel** aan te koop, wat by SUNLearn geïntegreer sal word. Dít sal studente en dosente aanlyn toegang bied tot alle kursusmateriaal in die gerief van 'n bekende aanlyn omgewing.

Kursusleeslyste is 'n logiese, bestuurde samevoeging van alle tipes hulpbronne wat studente moet lees, kyk of verwerk om suksesvol te studeer.

#### 4.6 Afrigterswebinaarreëks

Maties Sport se Connected Coaches-webinaarreëks is die **eerste van sy soort** vir die US. Dit dien as 'n instrument om afrigtingservaring uit te ruil én die groter gemeenskap 'n geleentheid te bied om ons afrigters en die personele van ons Hoëprestasie-eenheid (HPE) beter te leer ken.

Plaaslike skole, moontlike rekrute vir 2021 en 2022, sportklubs, provinsiale unies en nasionale sportliggame is genooi om in te skakel. Temas wat behandel word, sluit in verskillende afrigtingsverhale en -filosofieë, die unieke aspekte van werk met studente-atlete, sowel as Maties Sport se hoëprestasieprogram.

Maties Sport is van plan om voortaan verdere webinarre aan te bied omdat dit 'n innoverende manier is om afrigters met mekaar én met die groter gemeenskap in aanraking te bring.

### TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) impliseer “**Navorsing vir impak**” by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdisiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”



## 5.1 Navorsing in die tyd van COVID-19

Ons navorsers, sowel gevestig as ontlukend, lewer steeds 'n waardevolle bydrae om die uitdagings van COVID-19 die hoof te bied. [Klik hier](#) vir 'n verslag oor COVID-19-verwante navorsingsprojekte by die US en 'n uitgesoekte aantal meningsartikels deur ons akademici.

Die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, prof Eugene Cloete, het 'n gedeelte van sy **diskresionêre finansiering** vir 2020 opsygesit om dringende navorsing en innovasie op hierdie gebied te ondersteun. Die bedoeling was ook dat dít as aanvangs- of medefinansiering kon dien vir groter navorsingsprojekte wat in die volgende maande sal ontvou. 'n Versoek vir navorsingsvoorstelle is aan alle fakulteite uitgereik en 14 projekte is uiteindelik gekies.

### Navorsing oor die uitwerking van COVID-19 op sokkerspelers

Die samewerking tussen ons Kampusgesondheidsdiens (KGD) en die Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde (ISOG) behels onder meer navorsing op die gebied van sokkergeneeskunde, met dié dat ISOG 'n FIFA- mediese sentrum van uitnemendheid is (**een van slegs twee in Afrika**). KGD werk tans saam met ISOG aan 'n FIFA-navorsingsprojek oor die uitwerking van COVID-19 op sokkerspelers. Saam met vennote van Iran, Pole, Meksiko en Thailand ondersoek die navorsing voordeelnamesifting vir skeletspierstoestande sowel as stelselspesifieke geestesgesondheidsvereistes vir spelers gedurende die pandemie. Hierdie projek het in Julie begin, en sal 12 maande duur.

## 5.2 Impak van COVID-19 op US se nadoktorale genote

Die US het tans 322 geregistreerde nadoktorale en Consolidoc-genote, met 'n byna gelyke verdeling tussen plaaslike (55%) en internasionale (45%) kandidate. Die gemiddelde nadoktorale genootskap is twee jaar, maar genote kan vir tot vyf jaar geregistreer wees.

Die inperking sedert 27 Maart het navorsing op hierdie vlak aansienlik geraak, maar het ook ander negatiewe gevolge gehad. Dít blyk duidelik uit 'n **opname** deur die Kantoor vir Nadoktorale Navorsingsteun om die impak van COVID-19 op ons nadoktorale genote se produktiwiteit en welstand te bepaal.

Die vernaamste bevindinge was soos volg:

- Wat hulle navorsingsprojekte en sperdatums betref, is genote geraak deur onvoltooide eksperimente, die opskorting van veldwerk, onsekerheid oor hulle terugkeer kampus toe, en 'n gebrek aan toegang tot kampusinfrastruktuur.
- Hulle is bekommerd oor die beskikbaarheid van finansiering vir die uitstel wat hulle sal vereis om hulle navorsing te voltooi.
- Nadoktorale genote het 'n behoefte aan geestesgesondheidsteun uitgespreek, sowel as aan toegang tot hulpbronne soos die internet om van die huis af te kan werk.
- Internasionale genote is bekommerd oor of hulle sal kan terugkeer huis toe wanneer hulle kontrakte eindig (oor die tydperk September tot Desember 2020) omdat dit onseker is of die landsgrense en Binnelandse Sake-kantore al teen dan sou heropen het. Dít sal 'n domino-effek hê op hernuwings én nuwe nadoktorale aansoeke.

Om hierdie kwessies te probeer hanteer, is die volgende stappe gedoen:

- Nadoktorale genote kon kies om 'n ooreenkoms te onderteken met 'n uiteensetting van aktiwiteite wat gedurende die inperking (Maart tot Junie) verrig moes word om hulle met produktiwiteitsmonitering in dié uitdagende tyd te help.
- Genote word tans volgens die protokol vir **personeellede** weer by die Universiteit geïntegreer. Dekane, departementshoofde en gashere is versoek om die genote die nodige steun te bied om hulle werk te hervat.

- 'n Reeks geestesgesondheidswebinare is gereël.
- Die Universiteit hou kommunikasie van Binnelandse Sake dop om ons nadoktorale genote op hoogte van reis- en visumreëlings te hou.

### 5.3 Jongste navorsingsjaarverslag nou te kry

Klimaatsverandering, energie, bewaring, gesondheid en geneeskunde, menseregte, transformasie, gender, gestremdheid, die kunste, onderwys, groot data, oorsigbestuur en tegnologie. Dít is van die interessante navorsingsonderwerpe wat die jongste uitgawe van **Research at Stellenbosch University** aanroer.

Hierdie vlagskippublikasie word jaarliks deur ons Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) uitgegee, en het al voorheen etlike pryse gewen. Dit bied die nasionale en internasionale navorsingsgemeenskap sowel as ander belangstellendes 'n omvattende dog toeganklike oorsig van innoverende en interessante navorsing wat by die US onderneem word.

Hierdie uitgawe kyk terug op navorsing in 2019. Die tema is “**Navorsing vir impak**”, synde een van die kern strategiese temas in ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*. Die publikasie doen verslag oor spesifieke projekte deur individuele navorsers en navorsingsgroepe by die Universiteit, en verken bepaalde fokusgebiede. Daarbenewens toon dit hoe US-navorsing tot die Verenigde Nasies se volhoubare ontwikkelingsdoelwitte bydra.

Weens COVID-19 is hierdie uitgawe tans slegs elektronies beskikbaar. [Klik hier](#) vir toegang.

### 5.4 Navorsingstoelaes

#### Groot toekenning vir TB-navorsing

Amerika se National Institutes of Health (NIH) het 'n toekenning van R128 miljoen aan die US gemaak vir multi-nasionale navorsing oor nuwe tuberkulose diagnostiese en genetiese toetse. Dit is bo en behalwe die R65 miljoen wat ontvang is van die Europese Unie se European and Developing Countries Clinical Trials Partnership (EDCTP) om ook die nuwe diagnostiese toetse te ondersoek.

Die meeste sterftes as gevolg van TB is voorkombaar, maar miljoene pasiënte word nooit gediagnoseer of behandel nie – as gevolg van ontoereikende toetse wat óf nie sensitief genoeg is nie, óf wat gesofistikeerde laboratorium-infrastruktuur vereis.

Die studie sal vyf jaar lank duur en sal byna 4000 deelnemers hê. Daar sal ondersoek ingestel word na sewe nuwe toetse, met die doel om hulle te evalueer op grond van hoe hulle aktiewe TB diagnoseer, hoe hulle behandelingsresponse weergee, en om diegene te identifiseer wat 'n risiko het om aktiewe TB te ontwikkel. Daar word ook beplan om ondersoek in te stel na die vermoë van toetse om te kan onderskei tussen TB en COVID-19 infeksie.

Dit is die kulminasie van 15 jaar se werk wat gedoen is deur die US, die Universiteit van Kaapstad en vennote in Uganda en die Gambië. Dit kan dus beskou word as 'n oplossing uit eie bodem vir probleme in Afrika.

Die hoofnavorsers is **prof Gerhard Walzl**, Uitvoerende Hoof van die Departement van Biomediese Wetenskappe aan die US se Fakulteit van Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW). Die span het ervare kliniese versorgingspunte in Afrika en Viëtnam, asook laboratoriums in die VSA en Europa, gekies om die effektiwiteit van gevorderde nuwe TB toetse van naderby te beskou in kohorte van volwassenes, kinders en mense wat saamleef met MIV en tipe-2 diabetes het. ([Klik hier](#) vir meer inligting.)



## NNS-praktykgemeenskappe

Die Afdeling Menslike Voeding het onlangs 'n toelaag van R7 miljoen van die Nasionale Navorsingstigting (NNS) ontvang om vir die volgende twee jaar 'n verskeidenheid navorsers oor voedselonsekerheid in Suid-Afrika byeen te bring. Volgens die hoof van die Afdeling, **prof Xikombiso Mbhenyane**, wat die navorsingsleerstoel in voedselomgewings, voeding en gesondheid beklee, sal die toelaag die navorsers in staat stel om aantekeninge te vergelyk en navorsingsleemtes te identifiseer, sowel as om aan ander kwessies met betrekking tot voedselonsekerheid saam te werk.

## UKRI GCRF-vermoëbouvennootskap

**Dr Neill Goosen** van die Departement Prosesingenieurswese het 'n toelaag van R12,9 miljoen van UKRI (UK Research & Innovation) en GCRF (die Global Challenges-navorsingsfonds) se vennootskapsprogram vir vermoëbou ontvang om die ARUA-sentrum van uitnemendheid in energie by die US te versterk. Vennote in Ethiopië, Kenia, Suid-Afrika, Tanzanië en Uganda sal saamwerk aan die projek. Werk sou aanvanklik in April begin, maar is intussen tot Januarie 2021 uitgestel, en sal tot Desember 2023 duur.

## MNR-toekenning van VK

**Prof Mark Tomlinson** van die Departement Sielkunde het 'n toekenning van R11,4 miljoen van die Verenigde Koninkryk se Mediese Navorsingsraad (MNR) ontvang vir sy "Project Hashtag". Die projek handel oor skoolgebaseerde gesondheidsaksie om 'n florerende generasie adolessente te verseker. Dit het in Maart 2020 begin, en sal tot Junie 2022 duur.

## Toekenning om gesondheidsorg vir beroertepasiënte te ondersteun

**Prof Quinette Louw**, hoof van die Departement Gesondheids- en Rehabilitasiewetenskappe in ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW), het 'n navorsingstoekenning van R2,2 miljoen van die Verenigde Koninkryk se Nasionale Instituut vir Gesondheidsnavorsing ontvang om universele gesondheidsorg vir beroertepasiënte in Suid-Afrika te help skep. Die geld sal vir navorsing, vennootskaps- en vermoëbou sowel as belanghebbendeskeping gebruik word.

## FLAIR-toekenning

**Dr Prinessa Chellan** van ons Departement Chemie en Polimeerwetenskap het 'n genootskap van die Royal Society en die Afrikawetenskapsakademie ontvang. Die genootskap maak deel uit van die FLAIR-program vir onafhanklike navorsing deur toekomstige Afrikaleiers. Sy sal R6,9 miljoen kry om haar navorsing te finansier, sowel as die geleentheid om met akademici by instellings in die Verenigde Koninkryk en elders saam te werk. Mededinging om dié toekenning is besonder straf: Uit die meer as 500 aansoeke wat gewoonlik ontvang word, word slegs 25 ontvangers van Afrika gekies.

## Jong nadoktorale genoot ontvang prestigeryke EU-genootskap

**Dr Upenyu Muza**, 'n nadoktorale genoot in ons Departement Chemie en Polimeerwetenskap, het 'n individuele genootskap van die Marie Skłodowska-Curie Actions-program ontvang om navorsing by die Leibniz-polimeerwetenskapinstituut in Dresden, Duitsland, te onderneem. Hierdie internasionale genootskap word deur die Europese Kommissie toegeken, en is een van Europa se mees prestigeryke navorsingstoelaes vir jong en ontluikende navorsers van oor die hele wêreld.

## Europese opleidingsnetwerk (ETN)

**Prof Bruce Talbot** van ons Departement Bos- en Houtkunde het 'n toelaag van R8 miljoen van die ETN se Skill for Action-program ontvang vir 'n projek oor bosekosisteme en klimaatsverandering.

## 5.5 US-navorsers blink uit

Die US het die afgelope paar jaar 'n sterk teenwoordigheid gehandhaaf by die jaarlikse pryseleentheid van die [Nasionale Wetenskap- en Tegnologieforum \(NWTF\)](#), wat ook as Suid-Afrika se “Oscars vir wetenskaplikes” bekend is. Die 2019/20-aflerwing van hierdie geleentheid was geen uitsondering nie: Die finaliste het tien US-navorsers ingesluit. Weens die COVID-19-pandemie is die weners op 30 Julie gedurende 'n galageleentheid oor die internet aangekondig.

Die volgende drie US-navorsers het pryse gewen:

- **Prof Christine Lochner** van die Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad se Eenheid vir Risiko en Veerkragtigheid in Geestesversteurings in ons Departement Psigiatrie het die TW Kambule-NWTF-prys vir beste navorser ontvang.
- **Prof Richard Walls** van die Eenheid vir Navorsing oor Brandingenieurswese (FireSUN) in ons Departement Siviele Ingenieurswese het die TW Kambule-NWTF-prys vir beste ontluikende navorser ontvang.
- **Prof Conrad Matthee** van die Departement Plant- en Dierkunde het die NWTF-Lewisstigting se groen-ekonomieprys vir die innoverende SharkSafe-haaiversperring ontvang.

Die NWTF-toekennings verleen erkenning aan individue, spanne en organisasies in Suid-Afrika wat uitmuntende bydraes tot die wetenskap, ingenieurswese en tegnologie (WIT) lewer. Die toekennings is 'n vennootskap tussen die NWTF en South32, 'n hulpbronnemaatskappy.

Die ander US-finaliste was soos volg:

- **Prof Leslie Swartz**, Departement Sielkunde, vir die prys vir lewenslange bydraes
- **Dr Wynand Goosen**, Sentrum van Uitnemendheid vir Biomediese TB-navorsing, en **dr Jacqueline Wormersley**, Departement Psigiatrie, vir die TW Kambule-NWTF-prys vir beste ontluikende navorser
- **Prof Wikus van Niekerk**, Sentrum vir Hernubare en Volhoubare Energiestudies, en **prof Thinus Booyen**, Departement Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese, vir die NWTF-Lewisstigting se groen-ekonomieprys (Prof Booyen was ook 'n finalis vir die NWTF-Waternavorsingskommissieprys.)
- **Prof Anton du Plessis**, Departement Fisika, en die res van die span by die **US se rekenaartomografieskandeerfasiliteit**, vir die navorsingsdatapry
- **Dr Rehana Malgas-Enus**, Departement Chemie en Polimeerwetenskap, vir die kommunikasietoekenning

## 5.6 US onder beses ter wêreld wat navorsingsuitnemendheid en innovasie betref

'n Afsonderlike verslag oor die US se prestasie op internasionale universiteitsranglyste sal by hierdie Raadsvergadering dien. Nietemin deel ek graag die nuus dat die **US sy plek behou** het op die jongste [Times Higher Education- \(THE-\)wêrelduniversiteitsranglys](#), wat op 2 September uitgereik is.

Vir 2021 verskyn die Universiteit weer in die kategorie 251–300 en beklee die US die derde plek van alle Suid-Afrikaanse universiteite. Ons het dié keer met 1 527 instellings in 93 lande meegeding. Die US het beter presteer ten opsigte van die aanwysers “bedryfsinkomste” (kennisoordrag en die vermoë om finansiering te bekom), “navorsing” (getal gepubliseerde referate, en reputasie vir navorsingsuitnemendheid) en “sitate” (getal keer wat 'n universiteit se gepubliseerde werk deur vakkundiges wêreldwyd aangehaal word).

Die Universiteit is in Augustus ook onder die voorste universiteite geplaas op vanjaar se Akademiese Ranglys van Wêrelduniversiteite (ARWU), oftewel die Sjanghai-ranglys ([klik hier](#) vir meer daaroor).

Hoewel ons op akademiese en navorsingsuitnemendheid konsentreer, besef ons wel dat ranglyste belangrik is vir opvattinge oor 'n instelling. Om internasionale erkenning te ontvang is bevredigend.

## TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons [Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024](#) is ons mense ons eerste “instaatsteller” – ’n element “wat alles moontlik maak”. Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan ’n kern strategiese tema: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewes om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons ’n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van ’n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

### 6.1 Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit

Die US se [Kode vir Bestuurspraktyke vir Diensbillikheid](#) is nou bekend as die **Kode vir Diensbillikheid en Diversiteit**. Weens die COVID-19-pandemie word die oorblywende paar werksessies oor die inhoud van dié dokument aanlyn aangebied. Die kode is ten volle in werking en is van toepassing op alle werwing- en keuringsprosesse.

### 6.2 Eksterne evaluering van Menslike Hulpbronne

Die konsultante Korn Ferry het op 18 Junie ’n vorderingsverslag oor hulle eksterne evaluering van ons Afdeling Menslike Hulpbronne aan die Rektooraat voorgelê. Ons het die vordering tot in daardie stadium verwelkom, en aanbeveel dat:

- die finale verslag uitdruklik aandui wat die waardevoorstel en belangrikste voordele sal wees indien die model van “funksionele uitnemendheid” geïmplementeer word; en
- die verslag ook aantoon hoe die vernuwing van die Afdeling se prosesse (en nie net van sy strukture nie) en die uitbreiding en hersikking van sy personeelkorps die strewes na funksionele uitnemendheid sal bevorder.

Die Rektooraat verwag die **finale verslag op 29 September**.

### 6.3 Personeelopname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk 2019/20

Terugvoersessies oor verlede jaar se personeelopname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk het in die verslagtydperk voortgeduur. Die sessies is aangebied deur Menslike Hulpbronne en die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur, wat die navorsing onderneem het. Elke verantwoordelikhedsentrum en fakulteit het omgewingspesifieke terugvoer ontvang.

’n **Oorhoofse verslag** oor die opnamebevindinge sal in **September** aan die hele Universiteit beskikbaar gestel word. Dit sal ook aandui wat die US in reaksie op die bevindinge wil doen.

### 6.4 Eerste aanlyn personeelbyeenkoms vir die US

Weens die beperkings op samekomste in ’n poging om die verspreiding van COVID-19 te stuit, moes ons die Universiteit se tweede personeelbyeenkoms vir die jaar na die kuberruim verskuif. Ons **eerste aanlyn byeenkoms** van dié aard het op 5 Augustus plaasgevind.

Die tema was “Die uitwerking van COVID-19 op die US – bestekopname en die pad vorentoe”. Ek en ander Rektooraatslede het **meer as 700 personeellede** van belangrike ontwikkelings sedert ons vorige byeenkoms in Februarie vertel, en veral ook die US se reaksie op die koronaviruskrisis uitgelig. Daarbenewens het ons die **personeel bedank** vir hulle voortgesette toewyding, wat die US in staat gestel het om met sy belangrike werk as ’n navorsingsintensiewe universiteit voort te gaan, en het ons ook hulle vrae beantwoord. [Klik hier](#) vir meer oor die geleentheid, [hier](#) vir die PowerPoint-aanbieding, en [hier](#) vir ’n video-opname.

## 6.5 #WomenofSU-veldtog

Suid-Afrika gedenk Vrouedag op 9 Augustus, en die hele maand is deesdae as Vrouemaand bekend. Verskeie omgewings by die US het aktiwiteite aangebied om vroue te vier. Op institusionele vlak het ons Afdeling Korporatiewe Kommunikasie en Bemaking weer 'n #WomenofSU-veldtog aangebied – 'n inisiatief wat hulle 'n paar jaar gelede aangevoer het.

Die veldtog, wat uit artikels, podsendinge en plasings op sosiale media bestaan, is op verskeie platforms gevoer. Gesamentlik het hierdie items die verhale vertel van die vroue van die US en die merkwaardige impak wat hulle het, nie net op ons instelling nie, maar ook die groot samelewing.

[Klik hier](#) om die webblad te besoek wat spesiaal vir dié doel op die US-webtuiste geskep is. 'n Paar beelde uit die veldtog verskyn hieronder.

**Maak 'n verskil: #WOMENOFSU** Besoek [www.sun.ac.za](http://www.sun.ac.za) vir meer inligting

<p>#WomenofSU: Sy help vroue om hul stemme te laat hoor in navorsing</p>  <p>Dr Linda Zuze</p>	<p>#WomenofSU: Werf en behou meer vrouewetenskaplikes</p>  <p>Prof Soraya Seedat</p>
<p>#WomenofSU: Bevordering van geslagsgelykheid en 'n gelyke speelveld vir vroue in die werkplek</p>  <p>Prof Anita Bosch</p>	<p>#WomenofSU: Veg vir vroue se ekonomiese regte</p>  <p>Dr Nthabiseng Moleko</p>

## 6.6 Dagsorgfasiliteite

Die taakgroepe op ons Stellenbosch- en Tygerbergkampus wat die belangrike saak van dagsorgfasiliteite vir die kinders van US-personele hanteer, het die bevindinge ontleed van 'n **opname** wat in Mei onder werknemers gedoen is. Die spanne het gevolglik besluit om die **moontlikheid van meer bekostigbare** dagsorgopsies te ondersoek met die oog daarop om 'n volgende voorlegging vir die Rektoraat op te stel.

### SLOT

Uit 'n akademiese en bedryfsoogpunt sal die res van hierdie jaar moontlik selfs meer uitdagend wees as die maande wat verby is. Te oordeel na die spoed en soepelheid waarmee ons as 'n span in semester 1 die struikelblokke in ons pad te bowe gekom het – waarvan hierdie verslag ook getuig – is ek egter steeds oortuig dat ons die nodige veerkragtigheid en kreatiwiteit het om hierdie akademiese jaar enduit deur te voer, onverstoord deur enige verdere draiballe en die moontlike verlenging tot in die nuwe jaar.



**Prof Wim de Villiers,**  
Rektor en Visekanselier

## BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

Meningsartikels (15 Mei tot 26 Aug 2020)

OUTEUR	VAN (omgewing of afdeling)	OPSKRIF	PUBLIKASIE (klik vir artikel)
Marietjie Booyens	Magisterstudent (Regte)	Piesangbrood en die inperking: 'Kos is 'n liefdestaal'	<a href="#">Netwerk24</a> (15 Mei)
Prof Mark Tomlinson	Instituut vir Lewensloop- gesondheidsnavorsing	Behavioural science and its potential to guide our response to Covid-19	<a href="#">Daily Maverick</a> (15 Mei)
Prof Taryn Young	Epidemiologie en Biostatistiek		
Prof Cas Wepener	Praktiese Teologie en Missiologie	'n Statiese pelgrimstog	<a href="#">Netwerk24</a> (16 Mei)
